

OKW- 65
A

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS

**DIE FERTILITEIT VAN 'N GROEP
BLANKE AFRIKAANSSPREKENDE
VROUWE IN PRETORIA**

deur

J. ENGELBRECHT

NAVORSINGSREEKS NR. 65

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN
MAATSKAPLIKE NAVORSING
PRETORIA

1968

V&R—Pta. L.2075

001.3072068 NBSR
RES 65

BIBLIOTEEK LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL



RGN · HSRC

061138



RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK

HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

R ONDERWYS

07 JAN 1988

17 APR 1988

27 JUL 1988

BLANKE AFRIKAANS-
PRETORIA

A.
SAMPTA

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING

PRETORIA

1968

Die inhoud van hierdie verslag mag vryelik aangehaal word, mits
die bron erken word

0000400000000000



2844363866



001.3072068 NBSR RES 65



* 0 4 6 8 5 0 *

BLANKE BRUINTEEK LIBRARY

1983-04-08

STANDAARDKODE	REGISTRATIENOMMER
001.3072068	
NBSR RES 65	
BESTELNUMMER	061138

G

VOORWOORD

Hierdie ondersoek na die fertilititeit van Blanke vroue is die eerste empiriese ondersoek in 'n reeks fertilitetstudies wat deur die eenheid vir bevolkingsosiologiese navorsing in die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing onderneem word.

Benewens faktore wat fertilititeit beïnvloed en aanleiding tot differensiële fertilititeit gee, word ook op die spasiëring van geboortes gewys. Laasgenoemde aspek werp lig op die verloop van die gesinsbouproses.

'n Verslag met statistiese ontledings van mortaliteit en oorsake van dood by die verskillende bevolkingsgroepe in die Republiek van Suid-Afrika wat deur hierdie eenheid onderneem is, het reeds in 1967 verskyn.

Graag betuig ek my dank aan die 463 respondentte vir hul bereidwillige samewerking tydens die ondersoek.

P. M. ROBBERTSE
DIREKTEUR

INHOUD

HOOFSTUK

BLADSY

1	INLEIDING	1
1.1	Algemeen	1
1.2	Doel	2
1.3	Keuse van die ondersoekgroep	2
1.4	Die steekproef	3
1.5	Metode van ondersoek	3
1.6	Verwerking van die gegewens	3
2	DIE ALGEMENE KENMERKE EN AGTERGROND VAN DIE ONDERSOEKGROEP	4
2.1	Inleiding	4
2.2	Ouderdom	4
2.3	Kerkverband	5
2.4	Woning	6
2.5	Onderwyspeil	6
2.6	Beroep	6
2.7	Inkomste	12
2.8	Kindertal in die ouerhuis en herkoms	12
3	FERTILITEITSVERANDERLIKES	17
3.1	Inleiding	17
3.2	Die fertilitetsveranderlikes	17
3.3	Ontledings van en motiverings vir die onderskeie kindertalle	19
4	DIE FERTILITEITSVERANDERLIKES ONTLEED VOLGENS OUDERDOM	26
4.1	Inleiding	26
4.2	Huweliksouderdom	26
4.3	Ouderdomsverskil	26
4.4	Ouderdom waarop gesin voltooi is of voltooi moet wees	30
5	DIE FERTILITEITSVERANDERLIKES ONTLEED VOLGENS KERKVERBAND	31
5.1	Inleiding	31
5.2	Kerkverband	31
6	DIE FERTILITEITSVERANDERLIKES ONTLEED VOLGENS SOORT WONING	36
6.1	Inleiding	36
6.2	Oorwegende soort woning na die huwelik	36
6.3	Huidige woning	36
7	DIE FERTILITEITSVERANDERLIKES ONTLEED VOLGENS ONDERWYSPEIL	44
7.1	Inleiding	44
7.2	Onderwyspeil van vrou	44
7.3	Onderwyspeil van man	48
7.4	Gesamentlike onderwyspeil	48
8	DIE FERTILITEITSVERANDERLIKES ONTLEED VOLGENS BEROEP VAN DIE MAN EN DIE WERKGESKIEDENIS VAN DIE VROU	52
8.1	Inleiding	52
8.2	Beroep van man	52
8.3	Werkgeschiedenis van vrou	56
9	DIE FERTILITEITSVERANDERLIKES ONTLEED VOLGENS INKOMSTE	60
9.1	Inleiding	60
9.2	Inkomste van man	60
9.3	Gesamentlike inkomste	60
9.4	Gevoel van finansiële sekuriteit	64

HOOFSTUK	BLADSY
10 DIE FERTILITEITSVERANDERLIKES ONTLEED VOLGENS KINDERTAL IN DIE OUERHUIS EN HERKOMS	65
10. 1 Inleiding	65
10. 2 Kindertal in ouerhuis van vrou	65
10. 3 Kindertal in ouerhuis van man en vrou	65
10. 4 Herkoms	69
11 SPASIEERING VAN DIE GEBOORTES	70
11. 1 Inleiding	70
11. 2 Begeerde, verwagte en huidige kindertalle volgens die tydperk tussen huwelik en eerste geboorte	70
11. 3 Tweede interval ontleed volgens eerste interval	70
11. 4 Enkele onafhanklike veranderlikes volgens die mediaantydperke van die eerste drie geboorte-intervalle	75
12 SAMEVATTING	77
12. 1 Inleiding	77
12. 2 Fertiliteitsveranderlikes	77
12. 3 Ouderdom	78
12. 4 Kerkverband	78
12. 5 Woning	78
12. 6 Onderwyspeil	79
12. 7 Beroep van man en werkgeskiedenis van vrou	79
12. 8 Inkomste	80
12. 9 Kindertal in ouerhuis en herkoms	81
12. 10 Spasiëring van geboortes	81
LITERATUURLYS	82

TABELLE

NR.		BLADSY
2.1	OUDERDOMSVERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP	4
2.2	HUWELIKSOUDERDOM VAN DIE ONDERSOEKGROEP	5
2.3	OUDERDOMSVERSKIL VAN DIE EGPARE	5
2.4	KERK VERBAND VAN DIE ONDERSOEKGROEP	5
2.5	OORWEGENDE SOORT WONING NA DIE HUWELIK EN DIE HUIDIGE WONING	7
2.6	ONDERWYSPEIL VAN MAN VOLGENS KERKVERBAND	8
2.7	TYDPERK WAT VROUWE NA HUL HUWELIK GEWERK HET	9
2.8	BEROEP VAN MAN VOLGENS KERKVERBAND	10
2.9	BEROEP VAN MAN VOLGENS SY ONDERWYSPEIL	11
2.10	INKOMSTE VAN MAN VOLGENS SY ONDERWYSPEIL	13
2.11	INKOMSTE VAN MAN VOLGENS SY BEROEP	14
2.12	KINDERTAL IN OUERHUIS VAN MAN VOLGENS OORWEGENDE WOONPLEK TOT SY 18DE LEWENSJAAR	15
2.13	KINDERTAL IN OUERHUIS VAN VROU VOLGENS OORWEGENDE WOONPLEK TOT HAAR 18DE LEWENSJAAR	15
3.1	DIE FERTILITEITSVERANDERLIKES	18
3.2	BEGEERDE VOLGENS VERWAGTE KINDERTAL	21
3.3	REDES VIR DIE VERSKIL TUSSEN DIE BEGEERDE EN VERWAGTE KINTERTALLE	20
3.4	BEGEERDE VOLGENS HUIDIGE KINDERTAL	23
3.5	VERWAGTE VOLGENS HUIDIGE KINDERTAL	24
4.1	BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS HUWELIKSOUDERDOM VAN VROU	27
4.2	VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS HUWELIKSOUDERDOM VAN VROU	28
4.3	HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS HUWELIKSOUDERDOM VAN VROU	29
5.1	BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS KERKVERBAND	32
5.2	VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS KERKVERBAND	33
5.3	HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS KERKVERBAND	34
6.1	BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS OORWEGENDE SOORT WONING NA HUWELIK	37
6.2	VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS OORWEGENDE SOORT WONING NA HUWELIK	38
6.3	HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS OORWEGENDE SOORT WONING NA HUWELIK	39
6.4	BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS HUIDIGE WONING	40
6.5	VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS HUIDIGE WONING	42
6.6	HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS HUIDIGE WONING	43
7.1	BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS ONDERWYSPEIL VAN VROU	45
7.2	VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS ONDERWYSPEIL VAN VROU	46
7.3	HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS ONDERWYSPEIL VAN VROU	47
7.4	BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS GESAMENTLIKE ONDERWYSPEIL VAN DIE EGPARE	49
7.5	VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS GESAMENTLIKE ONDERWYSPEIL VAN DIE EGPARE	50

NR.		BLADSY
7.6	HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS GESAMENTLIKE ONDERWYSPEIL VAN DIE EGPARE	51
8.1	BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS BEROEP VAN MAN	53
8.2	VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS BEROEP VAN MAN	54
8.3	HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS BEROEP VAN MAN	55
8.4	BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS TOTALE TYDPERK DEUR VROU NA DIE HUWELIK GEWERK	57
8.5	VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS TOTALE TYDPERK DEUR VROU NA DIE HUWELIK GEWERK	58
8.6	HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS TOTALE TYDPERK DEUR VROU NA DIE HUWELIK GEWERK	59
9.1	BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS INKOMSTE VAN MAN	61
9.2	VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS INKOMSTE VAN MAN	62
9.3	HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS INKOMSTE VAN MAN	63
10.1	BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS KINDERTAL IN OUERHUIS VAN VROU	66
10.2	VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS KINDERTAL IN OUERSHUIS VAN VROU	67
10.3	HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS KINDERTAL IN OUERHUIS VAN VROU	68
11.1	BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS TYDPERK TUSSEN HUWELIK EN EERSTE GEBOORTE	71
11.2	VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS TYDPERK TUSSEN HUWELIK EN EERSTE GEBOORTE	72
11.3	HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS TYDPERK TUSSEN HUWELIK EN EERSTE GEBOORTE	73
11.4	TYDPERK TUSSEN EERSTE EN TWEEDE GEBOORTES VOLGENS TYDPERK TUSSEN HUWELIK EN EERSTE GEBOORTE	74
11.5	HUWELIKSOUDERDOM VAN VROU VOLGENS DIE MEDIAANTYDPERKE VAN DIE EERSTE DRIE GEBOORTE-INTERVALLE	75
11.6	ONDERWYSPEIL VAN VROU VOLGENS DIE MEDIAANTYDPERKE VAN DIE EERSTE DRIE GEBOORTE-INTERVALLE	76
11.7	BEROEP VAN MAN VOLGENS DIE MEDIAANTYDPERKE VAN DIE EERSTE DRIE GEBOORTE-INTERVALLE	76

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1

ALGEMEEN

Bevolkingsgroei geniet deesdae al hoe meer belangstelling van owerhede, wetenskaplikes en die publiek. Gepaard met industrialisasie, verstedeliking, die algemene verhoging van die lewenstandaard en uiteindelik ook nuwe norme insake die gesinsgrootte, word 'n dalende tendens in die geboortesyfers – of geboortesyfers wat reeds op 'n lae peil gestabiliseer is – in Westerse lande opgemerk (62, bl. 71–91; 19, bl. 2–6; 60, bl. 441). Hierdie verskynsel skep probleme op staatkundige, militêre, ekonomiese en maatskaplike gebied en verskeie Europese lande het sowel in die verlede as tans, maatreëls ingevoer om die geboortekoerse op te stoot of die dalende tendense te stuit.

In teëstelling met bogenoemde tendense is die natuurlike aanwas van die nie-Blanke bevolkingsgroep van die wêreld besig om ongekende hoogtes te bereik en het oorbevolking van die wêreld 'n wesenlike gevær geword. Die hoë natuurlike aanwasssyfers by nie-Blanke bevolkings is toe te skryf aan vinnig dalende mortaliteitsfyfers (onder andere as gevolg van beter mediese en gesondheidsdienste), met 'n gevolglike verhoging in lewensverwagting, terwyl die geboortesyfers steeds op 'n hoë peil gehandhaaf word.

Die voorgenomen bevolkingstendense word ook in Suid-Afrika aangetref: Waar die mortaliteitsfyfers van die Blankes 'n baie geleidelike daling oor die afgelope halfeeu tot 9.1 in 1965 (voorlopige syfer) toon, het dit by die Kleurlinge vinniger gedaal en in dieselfde jaar op 15.8 te staan gekom. Die syfer by die Asiate (8.1 in 1965) is laer as dié van die Blankes (55, bl. C-19). Vir Bantoes is mortaliteitsfyfers nie bekend nie, maar daar kan aangeneem word dat 'n dalende tendens in dié koers ook voorkom.

Wat die geboortesyfers betref, word daar 'n skerp daling by die Blankes in die afgelope dekades bespeur. In 1911 het die syfer op 32.2 (per 1,000 van die bevolking) te staan gekom, in 1946 op 26.9, in 1951 op 25.0, in 1960 op 24.8 en in 1966 op slegs 22.8 (voorlopige syfer) (54, bl. B-3; 55, bl. C-5; 56, bl. 4). Daar word nou reeds verwag dat dié syfer teen die einde van die eeu tot minder as 20 sal daal (33, bl. 142). Hierteenoor is die geboortesyfers van die nie-Blankes in Suid-Afrika baie hoër; dié van Kleurlinge kom op 46 te staan en is sekerlik een van die hoogstes ter wêreld; vir die Bantoes ontbreek presiese fyfers, maar kom waarskynlik op minstens 40 (57, bl. 26) te staan; en by Indiërs op 34 (58, bl. 4).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die Blankes in die toekoms 'n kleiner wordende gedeelte van die totale bevolking van Suid-Afrika sal uitmaak.

Volgens B.J. Piek¹⁾ (49, bl. 387) sal die Blanke bevolking in die jaar 2,000 op slegs nagenoeg 6,270,000 – teenoor nagenoeg 31,000,000 nie-Blankes – te staan kom mits die geboorte- en sterftesyfer konstant bly op die peil van 1960. Die aandeel van die Blankes in die totale bevolking sal dan op slegs 16.78 persent teenoor die 19.32 persent in 1960 te staan kom. Indien die ouderdom-spesifieke geboortesyfers vanaf 1960 sou daal totdat dit in 1975 op dieselfde peil is as wat in 1950–54 in Swede bereik is, en daarna konstant bly en die ouderdom-spesifieke sterftesyfers verder as die peil van 1960 daal, sal die Blankes teen die einde van die eeu op slegs sowat 4,600,000 of 12.90 persent van die totale bevolking te staan kom. Immigrasie is nie in bogenoemde berekeninge ingesluit nie. Die invloed van die netto-wins uit immigrasie moet egter nie oorskot word nie want, met 'n netto-wins van 40,000 immigrante per jaar ('n getal wat moeilik op kulturele gebied integreer sal kan word en 'n peil wat, in elk geval, moeilik gehandhaaf sal kan word indien slegs geselekteerde immigrante tot die land toegelaat word) en dalende geboorte- en sterftesyfers, sal die Blankes slegs 17.1 persent van die bevolking in die jaar 2,000 kan uitmaak. Indien die geboortesyfer egter op die peil van 1960 gehandhaaf sou kon word en die sterftesyfer soos in hierdie jaar konstant bly, sal dit slegs 'n netto-wins van 20,000 immigrante per jaar verg om die aandeel van die Blankes op 19.25 persent teen die jaar 2,000 te bring, dit wil sê nagenoeg soos dit was in 1960.

¹⁾ Alle aannames ten opsigte van die vooruitskattings word nie hier vermeld nie. Kyk hoofstuk X van Piek, B.J. 'n Sosiologies-demografiese studie van tendense in die leeftydsamestelling van 'n bevolking, met besondere verwysing na die Blankes in Suid-Afrika. D. Phil., 1965, U.P.

Bogenoemde dui daarop dat die dalende geboortesyfer van die Blanke 'n groot uitwerking op die bevolkingstruktuur van Suid-Afrika sal hê, met uiteindelik ook ernstige implikasies vir die maatskaplike struktuur.

Hierbenewens is daar ander probleme wat met die dalende geboortesyfer van die Blanke geassosieer is: Die leeftydsamestelling van die bevolking verander en toenemende bevolkingsveroudering vind plaas wat, om slegs een gevolg te noem, die relatiewe koste van gespesialiseerde versorging vir bejaardes laat styg. Die mannekragtekort ten opsigte van Blankes in Blanke gebiede sal voortduur, terwyl die tendense in beleggingsmoontlikhede, die produktiwiteit van industrieë, kapitaalvorming, die risiko van werkloosheid en die ontwikkeling van sosiale dienste deur demografiese faktore geraak sal word.

1. 2

DOEL

Die beskikbaarheid van feitlike gegewens met betrekking tot differensiële fertilitet¹⁾, die beplanning en spasiëring van die kindertal, die gesinsgroottes, die doel en geslaagdheid van geboortebeperkingsmetodes, die fekunditeit²⁾ van egpare en die voornemens van egpare ten opsigte van die grootte van hul uiteindelike kindertal, kan heelwat lig werp op die oorsake wat aanleiding gee tot die dalende geboortesyfer en die voorspelling van bevolkingstendense. Al hierdie aspekte geniet egter nie die aandag in die huidige ondersoek nie.

Hierdie ondersoek stel hom ten doel om te bepaal watter faktore fertilitet van vroue beïnvloed en tot differensiële fertilitet aanleiding gee. Verder word ondersoek ingestel na die spasiëring van geboortes wat meer duidelikheid ten opsigte van die verloop van die gesinsbouproses kan verskaf.

1. 3

KEUSE VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Die egpare wat in die ondersoek betrek sou word, moes só gekies word dat die relevante sosiologiese aangeleenthede voldoende aandag sou geniet. Eerstens moet die vraagstelling betrekking hê op gebeurtenisse wat taamlik resent is om die betroubaarheid van die gegewens te verhoog. Tweedens sal die antwoord van vroue wat reeds kinders het en vir wie die verskil tussen hul werklike en begeerde gesinsgroottes van aktuele belang geword het meer realisties wees as van diegene wat reeds naby die einde van hul fertilitetstyperk verkeer. Verder sal vroue wat midde in die gesinsbouproses staan, die verwagte ontwikkelingspatroon van die toekomstige geboortes met 'n redelike mate van juistheid kan aandui. Die ondersoekgroep moes dus „tipies“ wees van gesinne wat 'n hoogtepunt in die proses van gesinsvorming bereik het en by wie vaste voornemens met betrekking tot die verdere uitbouing van hul gesinne bestaan.

As gevolg van bogenoemde oorwegings, maar ook om die omvang van die onledings en die grootte van die steekproef te beperk, is besluit om huweliksduur „konstant“ te hou. Indien dit nie gedoen is nie, sou die onledings wat aangebied word, kohortsgewys moes geskied en tot 'n groot getal onledings aanleiding gegee het. Die huidige steekproef sou ook te klein gewees het vir kruistabellasiës in die verskillende kohorte. Sekere ander „faktore“ is ook konstant gehou: Die ondersoek is beperk tot die stad Pretoria en slegs Blanke Afrikaanssprekende Protestantse egpare wat tussen 6 en 7 jaar (6.0 - 7.9 jaar) getroud is, het gekwalifiseer. Die vroue was nie jonger as 17 of ouer as 30 jaar en die mans nie jonger as 19 of ouer as 34 jaar ten tye van hulle huwelik nie. Die vroue is nie meer as 5.9 jaar ouer as hul mans en laasgenoemde nie meer as 10.9 jaar ouer as hul vroue nie. Die huidige huwelik is die eerste egtelike verbintenis van albei egliese en geen egpaar wat aangename kinders of veelvoudige geboortes gehad het, is in die ondersoek ingesluit nie.

Die beperking wat op die huwelisksouderdom gelê is, tesame met die keuse van die huweliksduur, verseker dat die vroue in hul vroeë fertilitetstyperk verkeer. Die vereistes met betrekking tot die ouderdomsverskil tussen man en vrou verhoed dat die vrou se begeertes ten opsigte van kinders in 'n groot mate slegs op grond van ouderdom beïnvloed sal wees en dat egpare wat met betrekking tot hierdie aspekte te ver van die „normale“ afwyk, in die ondersoek betrek word.

¹⁾ Fertiliteit beteken die werklike aantal kinders wat gebore is.

²⁾ Fekunditeit het betrekking op die biologiese potensiaal om kinders te hê.

Dit is bekend dat daar belangrike verskille in die gesinsgrootte van verskillende geloofsgroepe bestaan (meer hieroor in hoofstuk 5) en gevvolglik word die ondersoek tot lidmate van 'n Protestantse kerk beperk.

Die voorkoms van veelvoudige geboorte of aangename kinders kan 'n vrou se besluite ten opsigte van verdere kinders beïnvloed en sodanige egpare is dan ook uitgesluit.

Aangesien die fertilititeit van egpare van wie een of albei 'n vorige verbintenis gehad het, na alle waarskynlikheid deur sodanige vorige huwelike, en die beëindiging daarvan, beïnvloed sal word, word slegs egpare van wie die huidige huwelik die eerste egtelike verbintenis is, in die ondersoek ingesluit.

1.4

DIE STEEKPROEF

Met inagneming van die homogene ondersoeksgroep en die doel van die ondersoek, is besluit om nagenoeg 500 egpare by die ondersoek te betrek.

By gebrek aan gegewens insake die grootte van die universum en, wat belangriker is, die verspreiding van die universum oor die ondersoekgebied, is besluit om 'n mate van ewekansigheid by die samestelling van die steekproef te verseker deur persone wat vir insluiting kwalifiseer, in 'n sekere getal straatblokke op te spoor wat ewekansig uit alle straatblokke in die stad gekies is. Indien die eerste opsporing nie 'n voldoende getal proefegpare oplewer nie, sou verdere „opsporingsopnames“ op dieselfde wyse deurgevoer word.

Twee „opsporingsopnames“ het 463 egpare opgelewer en daar is besluit om met hierdie getal te volstaan.

Waar persone nie gedurende kantoorure tuis aangetref is nie, is dié adresse weer saans besoek ten einde te verseker dat werkende vroue na behore by die ondersoek ingesluit sal word.

1.5

METODE VAN ONDERSOEK

Twee vraelyste is vir die ondersoek opgestel. Die eerste, 'n opsporingsvraelys, is ten opsigte van alle egpare voltooi wat moontlik kon kwalifiseer. Gegewens ten opsigte van byvoorbild huweliksdatum, woonadres en geboortedatums is hierop aangeteken. Die tweede, 'n gestruktureerde vraelys, wat tydens die onderhoud voltooi moes word, is vooraf goed uitgetoets om probleme ten opsigte van die bewoording en volgorde van vrae uit testryk.

Deeglike opleiding in die gebruik en voltooiing van die vraelys is vooraf aan die veldwerksters gegee. Slegs vroulike beampes, wat almal getroud en gegradsueerd is, is vir hierdie taak gebruik.

1.6

VERWERKING VAN DIE GEGEWENS

Na deeglike kontrolering van die vraelyste en die kodifisering van sekere vrae, is verdere verwerkings met behulp van 'n rekenoutomaat gedoen.

HOOFSTUK 2

DIE ALGEMENE KENMERKE EN AGTERGROND VAN DIE ONDERSOEKSGROEP

2.1 INLEIDING

Die algemene kenmerke van die ondersoekgroep, onder ander ouerdom, kerkverband en onderwyspeil, word in hierdie hoofstuk bespreek. Hierdie ontleding sal die leser oriënteer ten opsigte van die algemene persoonlike kenmerke en die agtergrond van die ondersoekgroep.

Sekere verdere ontledings, soos byvoorbeeld 'n verdeling van die gesinsinkomste volgens onderwyspeil, sal ook bydra tot bogenoemde oriëntasie en sal handig te pas kom by die latere verklaring van sekere verbandskappe tussen byvoorbeeld die agtergrondfaktore en die fertilitetsveranderlikes.

2.2 OUDERDOM

Die huidige ouerdomme van die mans en vroue, hul huweliksouderdomme en ouerdomsverskille tussen die mans en vroue verskyn in tabelle 2.1, 2.2 en 2.3.

TABEL 2.1
OUDERDOMSVERDELING VAN DIE ONDERSOEKSGROEP

Ouderdom (in jare)	Mans		Vroue	
	G*	%	G	%
25 en jonger	4	0.9	80	17.3
26 – 27	58	12.5	153	33.1
28 – 29	135	29.2	145	31.3
30 – 31	122	26.4	55	11.9
32 – 33	82	17.7	19	4.1
34 – 35	30	6.5	9	1.9
36 – 37	22	4.8	2	0.4
38 – 39	8	1.7	–	–
40 – 41	2	0.4	–	–
TOTAAL	463	100.0**	463	100.0
MEDIAANOUDERDOM	30.6		28.0	

* G beteken „getal”.

** As gevolg van benadering tot die eerste desimale syfer, kom die totale nie altyd presies op 100.0 persent te staan nie.

Volgens tabel 2.1 is die meeste mans tussen 28 en 31 jaar oud en die meeste vroue tussen 26 en 29 jaar. Die mediaanouderdom van die mans kom op 30.6 en dié van vroue op 28.0 jaar te staan.

TABEL 2.2
HUWELIKSOUDERDOM VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Huwelisksouderdom (in jare)	Mans		Vroue	
	G	%	G	%
17 - 18	-	-	41	8.9
19 - 20	18	3.9	154	33.3
21 - 22	137	29.6	164	35.4
23 - 24	137	29.6	66	14.3
25 - 26	85	18.4	27	5.8
27 - 28	51	11.0	7	1.5
29 - 30	26	5.6	4	0.9
31 - 32	5	1.1	-	-
33 - 34	4	0.9	-	-
TOTAAL	463	100.0	463	100.0
MEDIAAN HUWELIKSOUDERDOM	23.6		20.9	

Die huwelisksouderdom van die mans is meesal (59.2%) tussen 21 en 24 jaar en dié van die vroue meesal (68.7%) tussen 19 en 22 jaar. Die mediaanhuwelisksouderdom van die mans en vroue kom op 23.6 en 20.9 jaar respektiewelik te staan.

TABEL 2.3
OUDERDOMSVERSKIL VAN DIE EGpare

Ouderdomsverskil in jare (man jonger of ouer as vrou)	G	%
5.9 - 0.0 jonger	50	10.8
0.0 - 2.9 ouer	224	48.4
3.0 - 5.9 ouer	129	27.9
6.0 - 10.9 ouer	60	13.0
TOTAAL	463	100.0

By slegs 10.8 persent van die egpare is die vrou ouer as die man. In nagenoeg driekwart van die gevalle is die man tot vyf jaar ouer as die vrou.

2.3 KERKVERBAND

Soos blyk uit onderstaande tabel behoort verreweg die meeste (87.3%) egpare tot een van die drie Afrikaanse susterkerke.

TABEL 2.4
KERKVERBAND VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Kerkverband	G	%
Nederduitse Gereformeerde Kerk	285	61.6
Gereformeerde Kerk	48	10.4
Nederduitsch Hervormde Kerk	71	15.3
Apostoliese Geloofsverkondigingkerk	14	3.0
Sektekerke	27	5.8
Engelse kerke	10	2.2
Ander	8	1.7
TOTAAL	463	100.0

Aangesien die kerklike gesindte van die egpare – en nie die indiwidue nie – bepaal is, word gesinne met egliede wat tot verskillende kerke behoort, afsonderlik in die tabel, tesame met twee egpare wat tot die Lutherse Kerk behoort, aangedui. Hierdie groepie verskyn teenoor „ander“ in die tabel.

Verdere ontleidings (die tabelle verskyn nie in die verslag nie) toon dat die mediaanhuweliks-ouderdom van vroue wat tot die Nederduitse Gereformeerde Kerk (21.2 jaar), die Gereformeerde Kerk (21.6 jaar) en die Engelse kerke (21.5 jaar) behoort, die hoogste is. Die mediaanhuweliks-ouderdom van vroulike lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk, die Apostoliese Geloof-sendingkerk en die sektekerke wissel vanaf 20.0 tot 20.2 jaar en is dus nagenoeg dieselfde. Die bogenoemde ouderdom by die klein groepie wat teenoor „ander“ ingedeel is, is die laagste, naamlik 19.7 jaar. Die mediaanhuwelisksouderdom van mans in die Engelse (25.0 jaar), Nederduitse Gereformeerde (23.8 jaar), Gereformeerde (24.0 jaar) en sektekerke (23.5 jaar) is die hoogste en dié wat tot die Nederduitsch Hervormde (22.8 jaar) en „ander“ kerke (22.0 jaar) behoort, die laagste.

2.4 WONING

Tabel 2.5 toon die oorwegende soort woning van die egpare sedert hul huwelik asmede die huidige woning aan.

Die grootste persentasie van die egpare (69.5%) het sedert hul huwelik oorwegend in 'n huis gewoon. Verreweg die meeste egpare (82.9%) was ten tye van die ondersoek in huise woonagtig.

2.5 ONDERWYSPEIL

Die onderwyspeil van die mans word in tabel 2.6 volgens kerkverband ontleed.

Eerstens blyk dit dat nagenoeg 40 persent van die mans hoogstens standerd nege geslaag het, 26.8 persent beskik oor 'n standerd tien-sertifikaat, terwyl nagenoeg 'n derde benewens laasgenoemde kwalifikasie, oor verdere kwalifikasies beskik.

Tweedens blyk dit dat die aanhangers van die Nederduitse Gereformeerde en die Gereformeerde kerke, oor hoër kwalifikasies beskik as persone wat tot ander kerke behoort.

Die onderwyspeil van die mans toon 'n geringe verband met hulle huwelisksouderdom. By diegene wat nie standerd tien geslaag het nie, is die mediaanhuwelisksouderdom onder 24.0 jaar, by diegene wat bogenoemde kwalifikasie verwerf het, kom dit op 24.0 jaar te staan en by diegene met verdere kwalifikasies wissel die ooreenstemmende syfers tussen 24.2 en 24.5 jaar.

By die vroue word 'n sterker verband tussen onderwyspeil en huwelisksouderdom aangetref. By diegene wat slegs standerd sewe (19.8 jaar) of standerd agt of nege (20.3 jaar) geslaag het, is die mediaanhuwelisksouderdom die laagste. Die ooreenstemmende syfers ten opsigte van diegene met 'n standerd tien-sertifikaat (21.4 jaar) en diegene met laasgenoemde kwalifikasie en 'n verdere jaar of twee opleiding (21.6 jaar) is aansienlik hoër. Die hoogste mediaanhuwelisksouderdom is ten opsigte van dié vroue met 'n standerd tien-sertifikaat en 'n verdere drie jaar opleiding (23.2 jaar) bereken. Hierdie syfer is egter ietwat laer (22.7 jaar) by diegene met die hoogste kwalifikasies (standerd 10 en minstens 4 jaar verdere opleiding).

Ten slotte kan in hierdie afdeling vermeld word dat 56.6 persent van die vroue nie oor 'n standerd tien-sertifikaat beskik nie, 24.8 persent het slegs standerd tien geslaag en 'n verdere 18.7 persent beskik oor verdere kwalifikasies as 'n standerd tien-sertifikaat. Die onderwyspeil van die man korreleer hoog met dié van die vrou ($r = 0.68$).

2.6 BEROEP

Die grootste persentasie vroue is huisvroue en verrig dus nie beroepsarbeid nie. Onder-skeidelik 22.3 en 4.1 persent het voltydse en deeltydse werk tydens die ondersoek verrig.

Soos egter blyk uit tabel 2.7 het verreweg die meeste vroue ná hul huwelik wel beroeps-arbeid verrig.

TABEL 2.5

OORWEGENDE SOORT WONING NA DIE HUWELIK EN DIE HUIDIGE WONING

	Eie huis*		Huurhuis		Woonstel		Losieshuis of hotel		Deel van 'n huis		Kamer(s) by familie		TOTAAL	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Oorwegend	196	42.3	126	27.2	113	24.4	5	1.1	9	1.9	14	3.0	463	100.0
Huidig	275	59.4	109	23.5	70	15.1	1	0.2	-	-	8	1.7	463	100.0

* Nie noodwendig ten volle afbetaalde huise nie.

TABEL 2.6
ONDERWYSPEIL VAN MAN VOLGENS KERKVERBAND

Onderwys-peil	Kerkverband														Totaal		
	Nederduitse Gereformeerde Kerk		Gereformeerde Kerk		Nederduitsch Hervormde Kerk		Apostoliese Geloofsendingskerk		Sektekerke		Engelse kerke		Ander				
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	
♂	Tot st. 7	26	9.1	4	8.3	11	15.5	2	14.3	10	37.0	3	30.0	3	37.5	59	12.7
	St. 8 of 9	68	23.9	12	25.0	30	42.3	4	28.6	10	37.0	4	40.0	3	37.5	131	28.3
	St. 10	81	28.4	17	35.4	16	22.5	4	28.6	4	14.8	-	-	2	25.0	124	26.8
	St. 10 + 1 of 2j. *)	18	6.3	4	8.3	3	4.2	1	7.1	1	3.7	-	-	-	-	27	5.8
	St. 10 + 3 j.	26	9.1	3	6.2	6	8.5	2	14.3	-	-	2	20.0	-	-	39	8.4
	St. 10 + 4j. of meer	66	23.2	8	16.7	5	7.0	1	7.1	2	7.4	1	10.0	-	-	83	17.9
	TOTAAL	285	100.0	48	100.0	71	100.0	14	100.0	27	100.0	10	100.0	8	100.0	463	100.0

* Slegs inligting t.o.v. akademiese opleiding na matriek is ingewin. Enige ambagsopleiding na matriek is nie in aanmerking geneem nie.

TABEL 2.7
TYDPERK WAT VROUWE NA HUL HUWELIK GEWERK HET

Tydperk (in jare)	G	%
Nie gewerk nie	100	21.6
Minder as 1	67	14.5
1	55	11.9
2	54	11.7
3	53	11.5
4	45	9.7
5	37	8.0
6	40	8.6
7	12	2.6
TOTAAL	463	100.0

Vroue met hoër onderwyskwalifikasies het oor die algemeen langer tydperke ná die huwelik in die arbeidsmag gestaan as diegene met laer kwalifikasies. Die mediaantydperk in hierdie verband ten opsigte van vroue wat slegs standerd sewe geslaag het, kom op minder as 1.0 jaar te staan (presies die helfte van hierdie groep vroue het nie beroepsarbeid sedert hul huwelik verrig nie), op 2.1 jaar by diegene met 'n standerd agt- of nege-sertifikaat, op 2.7 en 4.2 jaar respektiewelik by vroue met 'n standerd tien-sertifikaat en standerd tien plus een of twee jaar opleiding en op onderskeidelik 2.5 en 2.7 jaar by vroue met drie of vier of meer jare opleiding na standerd tien.

Vervolgens word in tabel 2.8 gelet op die beroepe van die mans volgens kerkverband ingedeel.

Eerstens blyk dit dat die grootste enkele persentasie mans vakmanne en produksiewerkers¹⁾ is en dat die tweede grootste groep professionele en uitvoerende werkers²⁾ is.

Tweedens blyk dit dat betreklik baie professionele en uitvoerende werkers tot die Nederduits Gereformeerde en Gereformeerde kerke behoort, dat die klerke³⁾, vakmanne en produksiewerkers die beste verteenwoordig is in die geledere van die aanhangers van die Nederduitsch Hervormde Kerk en dat minstens die helfte van die mans in die Apostoliese Geloofssendingkerk en die sektekerke vakmanne en produksiewerkers is.

'n Verdere ontleding van beroep volgens huidige woning, toon dat die beroepsindeling van mans wat in hul eie wonings woonagtig is, nie noemenswaardig verskil van dié van die totale groep nie. Vakmanne en produksiewerkers sowel as vervoer- en dienswerkers⁴⁾ kom, relatief gesproke, meer dikwels in huurhuise as in die steekproef voor, terwyl professionele en uitvoerende werkers en klerke weer meer dikwels in woonstelle aangetref word.

Tabel 2.9 toon die verwagte tendens, naamlik dat die professionele en uitvoerende werkers oor die hoogste en die vakmanne en produksiewerkers oor die laagste onderwyskwalifikasies beskik.

Aangesien daar 'n verband bestaan tussen onderwyspeil en huwelisksouderdom én tussen onderwyspeil en beroep, is dit te wagte dat die huwelisksouderdom van die verskillende beroeps-groepe sal verskil. Dit is dan ook inderdaad die geval: Die hoogste mediaanhuwelisksouderdom

¹⁾In hierdie verslag sal deurgaans na die beroepsgroep vakman, produksiewerker en arbeider verwys word as „vakmanne en produksiewerkers“. Arbeiders is selde teëgekom.

²⁾Met die professionele en uitvoerende werkers word bedoel persone in die volgende beroepsgroepe: Professionele, tegniese en verwante werkers, administratiewe, besturende en uitvoerende werkers.

³⁾Die beroepsgroep „klerke“ verwys deurgaans na persone wat klerklike of verkoopswerk verrig.

⁴⁾Vervoer- en dienswerkers sluit die volgende werkers in: Vervoer- (byvoorbeeld vrugmotorbestuurder) en kommunikasiewerkers (byvoorbeeld telefoontegnikus), diens- (byvoorbeeld soldaat), sport- en ontspannings- werkars.

TABEL 2.8
BEROEP VAN MAN VOLGENS KERKVERBAND

Beroep	Kerkverband														Totaal	
	Nederduitse Gereformeerde Kerk		Gereformeerde Kerk		Nederduitsch Hervormde Kerk		Apostoliese Geloofssending-Kerk		Sektekerke		Engelse Kerke		Ander			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
Professionalen en uitvoerende werkers	97	34.0	18	37.5	9	12.7	2	14.3	4	14.8	4	40.0	2	25.0	136 29.4	
Klerklike werkers	73	25.6	12	25.0	27	37.0	3	21.4	1	3.7	2	20.0	-	-	118 25.5	
Vervoer- en dienswerkers	41	14.4	5	10.4	6	8.5	2	14.3	3	11.1	-	-	2	25.0	59 12.7	
Vakmanne en produksiewerkers	74	26.0	13	27.1	29	40.8	7	50.0	19	70.4	4	40.0	4	50.0	150 32.4	
TOTAAL	285	100.0	48	100.0	71	100.0	14	100.0	27	100.0	10	100.0	8	100.0	463 100.0	

TABEL 2.9
BEROEP VAN MAN VOLGENS SY ONDERWYSPEIL

Beroep	Onderwyspeil												Totaal	
	Tot st. 7		St. 8 of 9		St. 10		St. 10 + 1 of 2 j.		St. 10 + 3 j.		St. 10 + 4 j. of meer			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Professionele en uitvoerende werkers	-	-	12	9.2	23	18.5	9	33.3	19	48.7	73	88.0	136	29.4
Klerklike werkers	4	6.8	24	18.3	53	42.7	13	48.1	18	46.2	6	7.2	118	25.5
Vervoer- en diens-werkers	13	22.0	19	14.5	18	14.5	3	11.1	2	5.1	4	4.8	59	12.7
Vakmanne en produksiewerkers	42	71.2	76	58.0	30	24.2	2	7.4	-	-	-	-	150	32.4
TOTAAL	59	100.0	131	100.0	124	100.0	27	100.0	39	100.0	83	100.0	463	100.0

word by die professionele en uitvoerende werkers (24.3 jaar) en hulle vroue (22.0 jaar) aange-tref. By die klerklike werkers is dié syfers ietwat laer (onderskeidelik 23.6 en 21.0 jaar). Die mediaanhuweliksouderdomme by vervoer- en dienswerkers (22.7 jaar by mans, 20.2 jaar by vroue) en valmanne en produksiewerkers (23.2 en 20.3 jaar respektiewelik) is die laagste.

2.7 INKOMSTE

Sestien punt ses persent van die mans verdien minder as R2,000 per jaar, 48.8 persent tussen R2,000 en R2,999, 23.8 persent tussen R3,000 en R3,999 en 10.2 persent minstens R4,000 per jaar. Indien sowel die man as die vrou se inkomste en die inkomste uit ander bronne (byvoorbeeld rente en dividende) saamgevoeg word, verdien 11.9 persent van die huishoudings minder as R2,000 per jaar, 37.4 persent tussen R2,000 en R2,999, 28.7 persent tussen R3,000 en R3,999 en onderskeidelik 12.7 en 8.6 persent tussen R4,000 en R4,999 en R5,000 of meer per jaar.

Die inkomste uit die man se beroep word in tabelle 2.10 en 2.11 volgens sy onderwyspeil en beroep ontleed.

Soos verwag kan word, is daar 'n duidelike verband tussen onderwyspeil en inkomste. Die mediaaninkomste van die groep met die swakste onderwyskwalifikasies kom op R2,054 per jaar te staan, waarna die mediaaninkomste deurgaans toeneem al na gelang die onderwyspeil van die groep styg. By die groep met die hoogste kwalifikasies is die jaarlikse mediaaninkomste op R3,682 bereken. Soos verder verwag kan word, is daar verskille in die inkomste van die onderskeie beroepsgroepe. Dit blyk veral dat die inkomste van die professionele en uitvoerende werkers opvallend hoër is as dié van die ander beroepsgroepe.

Verder kan vermeld word (tabelle word nie verstrek nie) dat die jaarlikse mediaaninkomste van mans wat in eie huise en in woonstelle aangetref is, nagenoeg dieselfde is (R2,783 en R2,778 onderskeidelik). Die ooreenstemmende bedrae ten opsigte van diegene in huurhuise (R2,402) en wat by familie inwoon (R2,000), is heelwat laer. Indien die gesamentlike gesinsinkomste volgens woning ingedeel word, is dit opvallend dat die jaarlikse mediaaninkomste van gesinne in woonstelle verreweg die hoogste is (R3,615 teenoor onderskeidelik R3,091, R2,700 en R2,667 vir huishoudings in eie huise, huurhuise of wat by familie inwoon). Hiervolgens is dit duidelik dat relatief veel meer gesinne met werkende vroue in woonstelle as in eie huise woonagtig is.

Die inkomste van mans wat tot Engelse kerke, „ander“ kerke en die Nederduitse Gereformeerde Kerk behoort, is die hoogste (medianē van R3,250, R3,000 en R2,752 respektiewelik). Dan volg diegene wat tot die Gereformeerde (R2,655), Nederduitsch Hervormde (R2,526) en Apostoliese Geloofsendingskerke (R2,500) behoort. Die aanhangers van die sektekerke verdien die minste ('n mediaaninkomste van R2,000 per jaar). Bogenoemde volgorde geld ook vir die gesinsinkomste behalwe dat gesinne wat tot die Nederduitse Gereformeerde Kerk behoort, die tweede en gesinne by „ander“ kerke die derde plek inneem.

2.8 KINDERTAL IN DIE OUERHUIS EN HERKOMS

Vervolgens word gelet op die kindertal in die ouerhuise van die egpare.

In tabelle 2.12 en 2.13 word dié kindertalle volgens die oorwegende woonplek tot die agtende lewensjaar, ten opsigte van die mans en vroue onderskeidelik ontleed.

Die meeste mans kom uit gesinne wat, volgens hedendaagse standarde, betreklik groot is. In meer as die helfte van die ouerhuise was daar minstens vyf kinders.

Te oordeel aan die gemiddelde kindertalle kom weinig verskille in die gesinsgroottes in stede en dorpe voor. Mans met 'n landelike agtergrond kom uit die grootste gesinne. Die verskil in die gesinsgroottes van vroue met 'n landelike agtergrond teenoor dié wat oorwegend in dorpe en stede opgegroeи het, is egter gering.

Vroue uit klein gesinne beskik oor die algemeen oor hoër kwalifikasies as diegene uit groot gesinne. Vroue wat hoogstens standerd sewe, standerd agt of nege of standerd tien geslaag het, kom uit gesinne met gemiddelde kindertalle van 6.5, 5.6 en 4.4 respektiewelik. Vroue met standerd tien en 'n verdere een of twee jaar opleiding, drie jaar en minstens vier jaar opleiding na standerd tien, kom uit gesinne met 'n gemiddelde kindertal van onderskeidelik 4.2, 3.7 en 3.7.

TABEL 2.10
INKOMSTE VAN MAN VOLGENS SY ONDERWYSPEIL

Inkomste (per jaar)	Onderwyspeil												Totaal	
	Tot st. 7		St. 8 of 9		St. 10		St. 10 + 1 of 2 j.		St. 10 + 3 j.		St. 10 + 4 j. of meer			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
Minder as														
R2,000	28	47.5	34	26.0	9	7.3	3	11.1	1	2.6	2	2.4	77 16.6	
R2,000-2,999	28	47.5	72	55.0	81	65.3	13	48.1	15	38.5	17	20.5	226 48.8	
R3,000-3,999	3	5.1	20	15.3	28	22.6	10	37.0	16	41.0	33	39.8	110 23.8	
R4,000 +	-	-	4	3.1	5	4.0	1	3.7	6	15.4	31	37.3	47 10.2	
Weet nie	-	-	1	0.8	1	0.8	-	-	1	2.6	-	-	3 0.6	
TOTAAL	59	100.0	131	100.0	124	100.0	27	100.0	39	100.0	83	100.0	463 100.0	
MEDIAAN- INKOMSTE¹⁾	2,054		2,431		2,648		2,808		3,188		3,682		2,677	

r = 0.54

¹⁾ Die drie gevalle wat geen inligting ten opsigte van hul mans se inkomste kon verstrek nie, is buite rekening gelaat.

TABLE 2.11
INKOMSTE VAN MAN VOLGENS SY BEROEP

Inkomste (per jaar)	Beroep										Totaal	
	Professionele en uitvoerende werkers		Klerklike werkers		Vervoer- en dienswerkers		Vakmanne en produksiewerkers					
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
Minder as R2, 000	7	5.1	10	8.5	19	32.2	41	27.3	77	16.6		
R2, 000 - 2, 999	42	30.9	77	65.3	27	45.8	80	53.3	226	48.8		
R3, 000 - 3, 999	48	35.3	25	21.2	11	18.6	26	17.3	110	23.8		
R4, 000 +	39	28.7	5	4.2	1	1.7	2	1.3	47	10.2		
Weet nie	-	-	1	0.8	1	1.7	1	0.7	3	0.6		
TOTAAL	136	100.0	118	100.0	59	100.0	150	100.0	463	100.0		
MEDIAANINKOMSTE	3, 396		2, 630		2, 370		2, 419		2, 677			

TABEL 2.12
KINDERTAL IN OUERHUIS VAN MAN VOLGENS
OORWEGENDE WOONPLEK TOT SY 18DE LEWENSJAAR

Kindertal	Oorwegende woonplek							
	Stad		Dorp		Plaas		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
1 - 2	31	16.1	23	14.6	11	9.6	65	14.0
3 - 4	59	30.7	57	36.3	31	27.2	147	31.7
5 - 6	55	28.6	39	24.8	32	28.1	126	27.2
7 - 8	29	15.1	18	11.5	22	19.3	69	14.9
9 - 10	6	3.1	12	7.6	8	7.0	26	5.6
11+	12	6.2	8	5.1	10	8.8	30	6.5
TOTAAL	192	100.0	157	100.0	114	100.0	463	100.0
R.G.*		5.1		5.1		5.8		5.2

TABEL 2.13
KINDERTAL IN OUERHUIS VAN VROU VOLGENS
OORWEGENDE WOONPLEK TOT HAAR 18DE LEWENSJAAR

Kindertal	Oorwegende woonplek							
	Stad		Dorp		Plaas		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
1 - 2	31	16.7	22	14.7	17	13.4	70	15.1
3 - 4	64	34.4	43	28.7	42	33.1	149	32.2
5 - 6	47	25.3	50	33.3	33	26.0	130	28.1
7 - 8	25	13.4	21	14.0	15	11.8	61	13.2
9 - 10	7	3.8	10	6.7	15	11.8	32	6.9
11+	12	6.5	4	2.7	5	3.9	21	4.5
TOTAAL	186	100.0	150	100.0	127	100.0	463	100.0
R.G.		5.0		5.1		5.3		5.1

Indien die gegewens in bogenoemde tabel met dié in tabel 2.12 vergelyk word, is dit duidelik dat weinig verskille voorkom.

* Die gemiddeldes is deurgaans ten opsigte van alle verkreë frekwensies bereken.

Vroue wat uit groot gesinne kom, trou gewoonlik op jeugdiger leeftyd as dié uit klein gesinne. Diegene wat op 17- of 18-jarige sowel as op 19- of 20-jarige leeftyd getrou het, kom uit gesinne met 'n gemiddelde kindertal van 5.7. Vroue wat onderskeidelik op 21- of 22-jarige 23- of 24-jarige en eers op minstens 25-jarige leeftyd in die huwelik getree het, kom uit gesinne met 'n gemiddelde kindertal van 4.5, 4.6 en 4.9 respektiewelik.

HOOFSTUK 3

FERTILITEITSVERANDERLIKES

3.1 INLEIDING

Die fertilitetsveranderlikes¹⁾ wat gebruik word om gegewens met betrekking tot die houdings en gesindhede van die respondent teenoor gesinsgroottes in te win, is die ideale, begeerde, verwagte²⁾ en huidige kindertalle. Die vraag ten opsigte van eersgenoemde lees soos volg: „Wat sou u sê is die ideale kindertal vir eugpare wat in 'n stad woon?“ Hierdie vraag voer die gedagtes van die respondent weg van haar eie gesin na 'n abstrakte oorweging wat nie noodwendig haar eie keuse vir haar besondere gesin op enige tydstip, tans of in die toekoms, is nie. Die vraag na die aantal kinders wat die respondent self graag sou wou hê (begeerde kindertal), bring haar gedagtes weer terug na haar eie gesin en verstrek sy as antwoord 'n getal wat kleiner of groter is as, of wat sal ooreenstem met, die uiteindelike kindertal.

Waar vroue in hul reproduktiewe leeftydfase by 'n fertilitetsondersoek betrek word, is dit nodig om te let op die genoemde kindertalle omdat hierdie gegewens dui op 'n gesindheid of houding teenoor gesinsgrootte wat van groot betekenis sal wees by die uiteindelike getal kinders wat in die wêreld gebring sal word. Verskille in sekere van die kindertalle, byvoorbeeld tussen die verwagte en begeerde kindertalle, dui op die aanwesigheid van belemmerende faktore wat gesinsgroottes beïnvloed en dien as handige uitgangspunt in 'n soektog daarna.

3.2 DIE FERTILITEITSVERANDERLIKES

Tabel 3.1 gee 'n totaalbeeld van die afhanglike veranderlikes soos deur die vroue in die ondersoekgroep aangedui.

'n Aansienlike mate van konsensus bestaan ten opsigte van die ideale kindertal. Meer as die helfte van die vroue beskou vier kinders as die ideale kindertal en nagenoeg 80 persent drie of vier as die ideaal.

In die Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Gesinslewe, Deel II: Krimpende Kindertal word vermeld dat 50.55 persent van die vroue in onvoltooide gesinne vier kinders as die ideale of wenslike kindertal vir die gemiddelde gesin beskou, 18.32 persent het 'n kleiner kindertal en 27.72 persent 'n groter kindertal as vier as die ideaal gestel. Die res (3.39%) van die vroue kon geen antwoord verstrek nie (45, bl. 166). Hoewel hierdie gegewens ook van vroue in Pretoria ingewin is, is dit nie direk vergelykbaar met die huidige gegewens nie omdat, onder ander, bogenoemde ondersoek nie tot Afrikaanssprekende vroue beperk is nie en die huweliksduur nie konstant gehou is nie. Tog is dit duidelik dat die huidige ideale kindertal ietwat laer is as dié wat deur die vroue sowat 20 jaar gelede verstrek is.

Ten spyte van hierdie daling, is die gemiddelde ideale kindertal (3.64) van die onderhawige ondersoekgroep nog betreklik hoog in vergelyking met dié in die meeste Westerse lande. In Kanada kom dié syfer op 4.2, in die Verenigde State op 3.4, in Nederland op 3.3, in Noorweë op 3.1, in Frankryk en Groot Brittannie op 2.8 en in Duitsland op 2.6 te staan (50, bl. 120).

Hoewel vier kinders ook deur die grootste enkele persentasie vroue as begeerde kindertal genoem word, is daar 'n geringer mate van konsensus en 'n groter verspreiding in die responsies as in die geval van die ideale kindertal. Dit kan verwag word aangesien die responsies op die vraag na die ideale kindertal meer op 'n abstrakte siening van die „tipiese“, „gemiddelde“ en „gelukkige“ gesin gebaseer is, terwyl die begeerde kindertal meer subjektief bepaal word en

-
- 1) Drie fasette van fertilitet, naamlik die begeerde, verwagte en huidige kindertalle word in die verslag as fertilitetsveranderlikes beskou. Twee soorte veranderlikes, te wete afhanglike en onafhanglike veranderlikes word gebruik. Eersgenoemde het betrekking op die verskillende kindertalle, terwyl laasgenoemde aspekte soos voorbeeld ouerdom, onderwyspeil en inkomste insluit.
 - 2) Die ongebore kind van 'n verwagtende moeder is by die verwagte, dog nie die huidige kindertal nie, gereken.

TABEL 3.1

DIE FERTILITEITSVERANDERLIKES

Kindertal	Ideale kindertal		Begeerde kindertal van man		Begeerde kindertal van vrou		Verwagte kindertal		Huidige kindertal		Verwagte ongebore kindertal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
0	-	-	3	0.7	1	0.2	12	2.6	30	6.5	124	26.8
1	-	-	8	1.7	3	0.7	10	2.2	87	18.8	158	34.1
2	52	11.2	98	21.2	70	15.1	86	18.6	205	44.3	126	27.2
3	115	24.8	104	22.5	115	24.8	126	27.2	107	23.1	33	7.1
4	257	55.5	179	38.7	209	45.1	171	36.9	28	6.1	18	3.9
5	26	5.6	37	8.0	31	6.7	36	7.8	5	1.1	3	0.7
6	12	2.6	29	6.3	29	6.3	18	3.9	1	0.2	-	-
7	1	0.2	2	0.4	3	0.7	2	0.4	-	-	1	0.2
8	-	-	2	0.4	1	0.2	-	-	-	-	-	-
9	-	-	1	0.2	1	0.2	2	0.4	-	-	-	-
TOTAAL	463	100.0	463	100.0	463	100.0	463	100.0	463	100.0	463	100.0
R. G.	3.64		3.52		3.65		3.38		2.08		1.30	

persoonlikheidsverskille en verskille in die eksterne omstandighede tot 'n groter diversiteit van responsies aanleiding gee.

Ten spyte van bogenoemde verskille toon die gemiddelde ideale en begeerde kindertalle van die vroue 'n groot ooreenkoms.

Soos in die geval van 'n bevinding van H. J. Heeren en H. G. Moors in Nederland, en bevindings uit ander Nederlandse ondersoeke waarna bogenoemde ondersoekers verwys (30, bl. 215), is die gemiddelde begeerde kindertal van vroue (3.65) in die huidige ondersoek ietwat groter as dié by mans (3.52)¹⁾.

Dit is duidelik dat heelwat vroue verwag om uiteindelik minder kinders te hê as wat hulle begeer. Teenoor 16.0 persent wat byvoorbeeld hoogstens twee kinders begeer, verwag 23.4 persent om geen, een of twee kinders te hê. Die gemiddelde begeerde kindertal is dan ook aansienlik hoër as die gemiddelde verwagte kindertal. Hierdie verskynsel geniet later in die hoofstuk verdere aandag.

Die meeste vroue het tans twee (44.3%) of drie (23.1%) kinders. Meer as 'n kwart van die vroue het tans, dit wil sê tussen ses (6.0) en sewe (7.9) jaar na die huwelik, hoogstens een kind.

Terloops kan vermeld word dat die totale huidige kindertal op 961 te staan kom, waarvan meer as 80 persent eerste of tweede kinders is. Van die huidige kindertal is 49.8 persent seuns en 50.2 persent dogters. Van die vroue het min of meer ewe veel (nagenoeg 25%) onderskeidelik net seuns, net dogters of 'n gelyke getal van elke geslag.

3.3 ONTLEDINGS VAN EN MOTIVERINGS VIR DIE ONDERSKEIE KINDERTALLE

In hierdie afdeling word die fertilitetsveranderlikes met mekaar in verband gebring, terwyl ook gelet word op redes wat respondentie vir 'n spesifieke begeerde kindertal aanvoer, motiverings vir 'n verskil tussen die begeerde en verwagte kindertalle en die houding teenoor hul huidige kindertal.

3.3.1 Redes vir die begeerde kindertal²⁾

Die respondentie kon gewoonlik sonder moeite of huiwering aandui welke getal kinders hulle graag sal wil hê. Responsies op die vraag waarom die vroue juis dié betrokke getal kinders begeer, het egter heelwat probleme opgelewer. Dit is duidelik dat die spesifieke getal dikwels op 'n ongemotiveerde gesindheid of blote smaak berus of bloot die gemeenskapsnorm in hierdie verband weerspieël. Ten spyte van sondering, het sommige vroue voet by stuk gehou met antwoorde soos „Vier is 'n mooi getal“ of „Drie is 'n oulike getal“, en so meer.

Ietwat meer as 'n derde van die vroue het 'n verskeidenheid van redes genoem wat verband hou met gesinsbeplanning sonder om spesifiek uitspraak te gee oor die voordele verbonden aan die onderskeie gesinsgroottes. Antwoorde soos „Ek wil twee seuns en twee dogters hê“, „Ek het drie dogters en sal nog een keer probeer om 'n seun te hê“, en „Ek kom uit 'n groot (of klein) gesin en wil daarom ook 'n groot (of klein) gesin hê“, is voorbeeld van antwoorde wat dikwels verstrek is.

Net meer as 'n kwart van die vroue het meer spesifieke voordele aan hul begeerde kindertal gekoppel. Antwoorde soos „n Groot gesin is minder moeite omdat die ouer kinders die jongeres versorg“, „n Groot gesin is gelukkiger“, „Dit is 'n goeie/lekker/oulike getal kinders om te hê“ en „My kinders sal dan nie afgeskeep of bederf word nie“, is responsies wat meesal in hierdie verband aangetref word.

Net meer as 20 persent het sowel kind- as selfgeoriënteerde ekonomiese redes verstrek. Die meeste vroue in hierdie kategorie verwys na die huidige hoë lewensduurte, maar 'n aansienlike

1) Vroue het antwoorde ten opsigte van hul mans verskaf.

2) In hierdie verslag het die begeerde, ideale en verwagte kindertalle op die responsies van die vroue betrekking.

persentasie verklaar dat die toekomstige uitgawes wat met betrekking tot die kinders aangegaan sal moet word – veral in verband met universiteitsopleiding – in ag geneem is.

Laastens is daar diegene (nagenoeg 15%) wat fisiologiese, psigiese en ander -gewoonlik selfgesentreerde – redes verstrek het. Hieronder tel vroue wat nie vir verdere kinders kans sien nie omdat hulle beweer dat hulle te veel huiswerk het; omdat hulle verdere bevallings vrees; omdat hulle as gevolg van fekunditeitsprobleme nie meer kinders sal kan hê nie; omdat hulle vrees dat 'n verdere kind hulle rustige leefwyse sal versteur; en omdat hulle van mening is dat hulle te oud is om verdere kinders te hê.

3.3.2 Begeerde en verwagte kindertalle

Tabel 3.2 toon 'n ontleding van die begeerde volgens die verwagte kindertal aan.

Dit blyk dat die meeste vroue se begeerde en verwagte kindertalle ooreenstem. Meer as 90 persent van die vroue wat byvoorbeeld verwag om vier kinders te hê, begeer ook hierdie getal kinders.

Byna al die vroue wat verwag om geen of slegs een kind te hê, se begeerde kindertal is groter as die verwagte kindertal. Dit is uit die ontleding van die gegewens gevind dat dit veral hierdie vroue is wat een of ander fekunditeitsprobleem ondervind en as gevolg daarvan geen of weinig kinders sal hê.

Nagenoeg 35 persent van die vroue wat verwag om twee kinders te hê, se begeerde kindertal is groter as die verwagte en 24 persent vroue wat 'n verwagte kindertal van drie het, begeer meer kinders as dié getal.

Dit is verder opvallend dat 'n kwart van die vroue wat 'n verwagte kindertal van vyf het, uiteindelik minder kinders sou wou gehad het. Swak, of geen gesinsbeplanning – moontlik as gevolg van gebrekkige kennis van geboortebeperking – kan hiervoor verantwoordelik wees.

Behalwe vir dié vroue wat verwag om onderskeidelik geen of een kind te hê, styg die gemiddelde begeerde kindertal namate die verwagte kindertal toeneem.

Slegs in die geval van vroue wat verwag om uiteindelik vier kinders te hê, kom die gemiddelde begeerde kindertal ooreen met die verwagte kindertal. Vroue wat verwag om van geen tot drie kinders te hê, begeer gemiddeld meer kinders as die verwagte, terwyl vroue wat verwag om meer as vier kinders te hê, gemiddeld minder as die verwagte getal begeer.

In tabel 3.3 word aangetoon watter redes vroue by wie daar 'n verskil tussen die begeerde en verwagte kindertal bestaan, vir dié verskil verstrek het.

TABEL 3.3
REDES VIR DIE VERSKIL TUSSEN DIE BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTALLE

Redes	G	%
Vrou te oud vir meer (volgens haar mening)	2	1.7
Spesifieke fisiologiese redes: a. g. v. doktersbevele, sterilisasie, ens.	33	28.7
Ongespesifieerde fisiologiese of gesondheidsredes by man of vrou	29	25.2
Psigologiese redes: vrees vir geboorte, ens.	8	7.0
Verskil word toegeskryf aan laer begeerde kindertal van man	10	8.7
Omvang van huislike pligte	2	1.7
Finansiële redes: kan nie tans of in die toekoms kinders bekostig nie	20	17.4
Ander en onbekend	11	9.6
TOTAAL	115	100.0

TABEL 3.2
BEGEERDE VOLGENS VERWAGTE KINDERTAL

Begeerde kindertal	Verwachte kindertal												Totaal	
	0		1		2		3		4		5		6+	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
-21-	0	1	8.3	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
	1	-	-	2	20.0	1	1.2	-	-	-	-	-	-	-
	2	3	25.0	1	10.0	55	64.0	4	3.2	6	3.5	1	2.8	-
	3	4	33.3	4	40.0	13	15.1	92	73.0	1	0.6	1	2.8	-
	4	3	25.0	2	20.0	16	18.6	23	18.3	155	90.6	7	19.4	3
	5	-	-	-	-	-	-	5	4.0	1	0.6	25	69.4	-
	6+	1	8.3	1	10.0	1	1.2	2	1.6	8	4.7	2	5.6	19
TOTAAL		12	100.0	10	100.0	86	100.0	126	100.0	171	100.0	36	100.0	22
R. G. (Begeerde kindertal)		3.00		3.00		2.56		3.28		4.05		4.72		5.91
														3.65

r = 0.67

Die meeste vroue (53.9%) duï redes aan wat daarop neerkom dat fisiologiese probleme hulle verhinder om hul begeerde kindertal te bereik. By die tweede grootste groep vroue (17.4%) word die huidige en die toekomstige uitgawes met betrekking tot kinders as rede aangevoer.

Van die 9.6 persent vroue wie se redes onder „ander“ geklassifiseer is, verwag die meeste om meer kinders te hê as wat hulle begeer, veral omdat – volgens hulle – „n mens nie oor die aantal kinders wat gebore sal word, kan besluit nie.“

3.3.3 Begeerde en huidige kindertalle

Tabel 3.4 duï op 'n betreklik hoë begeerde kindertal by vroue wat tydens die ondersoek nog geen kinders gehad het nie. Indien hierdie groep buite rekening gelaat word, styg die gemiddelde begeerde kindertal snel al na gelang die huidige kindertal groter word.

Die tempo waarmee die vroue hul kinders gehad het, word dus blybaar beïnvloed deur die begeerde kindertal, hoewel die moontlikheid nie uitgesluit is nie dat sekere van die vroue hul begeerde kindertalle „aanpas“ al na gelang hul gesinne groter word.

3.3.4 Verwagte en huidige kindertalle

'n Ontleding van die verwagte volgens die huidige kindertal verskyn in tabel 3.5.

Met die uitsondering van vroue wat geen kinders het nie, styg die persentasie wat verwag om geen verdere kinders te hê nie, met 'n toename in die huidige kindertal. Hoewel 'n groter persentasie vroue met klein gesinne dus nog verwag om verdere kinders te hê, stel hierdie vroue hul verwagte kindertalle laer as diegene wat reeds groot gesinne het.

In totaal verwag 339 of 73.2 persent van die vroue om nog verdere kinders te hê. 'n Verdere 124 (26.8%) beskou hul gesinne as voltooi. Die verwagte ongebore kindertal is reeds in tabel 3.1 aangedui.

Alle vroue wat verwag om nog 'n sekere getal kinders te hê, is versoek om aan te duï waarom hulle dan verwag om nog slegs dié getal kinders te hê. Die redes wat verstrek is, is in dieselfde kategorieë ingedeel as dié met betrekking tot die begeerde kindertal (kyk afdeling 3.3).

Ietwatminder as 30 persent van die vroue het redes genoem wat verband hou met gesinsbeplanning, byvoorbeeld „As ons nog een het, sal ons die getal hê wat ons graag wou gehad het“. Nagenoeg 12 persent het bepaalde voordele aan die gesinsgrootte wat hulle verwag om uiteindelik te hê, vermeld, byvoorbeeld „As ons nog twee kinders het, sal ons 'n groot gesin hê en 'n groot gesin is 'n gelukkige gesin“. Die grootste enkele groep, nagenoeg 'n derde, noem finansiële redes waarom hulle nie meer kinders as die betrokke verwagte getal wil hê nie. Nagenoeg 'n vyfde noem fisiologiese probleme, byvoorbeeld hul gesondheidstoestand, terwyl enkeles diverse sosiale en psigiese redes verstrek het.

Nagenoeg 40 persent van die vroue wat verwag om geen verdere kinders te hê nie, verklaar dat hulle reeds die getal wat hulle graag wou gehad het, in die lewe gebring het, of verklaar dat hulle – onder andere as gevolg van vorige ervarings met bevallings of kinders – of hul mans nie nog kinders wil hê nie. Nagenoeg 'n derde het fisiologiese redes verstrek. Hieronder tel diegene wat nie meer kinders kan hê nie en diegene wat verklaar dat hulle, op grond van mediese advies, liefs nie nog kinders moet hê nie. Ietwat meer as 'n kwart het ekonomiese redes verstrek. Die meeste van hierdie vroue verklaar dat hulle nie meer kinders kan bekostig nie.

3.3.5 Houding van die vroue teenoor hul huidige kindertal en redes wat daarvoor aangevoer word

Op 'n vraag of hulle op hierdie stadium tevrede met hul huidige kindertal is, het 308 (66.5%) vroue bevestigend geantwoord, 146 (31.5%) sou graag meer kinders wou gehad het, terwyl 9 (1.9%) verklaar het dat hulle graag minder kinders sou wou gehad het.

Eersgenoemde groep het ter motivering van hul responsies gewoonlik verklaar dat hul huidige kindertal tred hou met hul gesinsbeplanning of aangedui dat hulle met die huidige getal tevrede is omdat ernstige ekonomiese of versorgingsprobleme nie ondervind word nie.

TABEL 3.4
BEGEERDE VOLGENS HUIDIGE KINDERTAL

Begeerde kindertal	Huidige kindertal										Totaal	
	0		1		2		3		4+			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
0	1	3.3	-	-	-	-	-	-	-	-	1	0.2
1	-	-	3	3.5	-	-	-	-	-	-	3	0.7
2	5	16.7	22	25.3	42	20.5	-	-	1	2.9	70	15.1
3	7	23.3	26	29.9	58	28.3	23	21.5	1	2.9	115	24.8
4	13	43.3	28	32.2	91	44.4	65	60.8	12	35.3	209	45.1
5	3	10.0	6	6.9	5	2.4	11	10.3	6	17.6	31	6.7
6+	1	3.3	2	2.3	9	4.4	8	7.4	14	41.2	34	7.4
TOTAAL	30	100.0	87	100.0	205	100.0	107	100.0	34	100.0	463	100.0
R. G. (Begeerde kindertal)	3.47		3.21		3.42		4.07		5.00		3.65	

r = 0.38

TABEL 3.5

VERWAGTE VOLGENS HUIDIGE KINDERTAL

Verwachte kindertal	Huidige kindertal										Totaal	
	0		1		2		3		4+			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
0	12	40.0	-	-	-	-	-	-	-	-	12	2.6
1	-	-	10	11.5	-	-	-	-	-	-	10	2.2
2	2	6.7	32	36.8	52	25.4	-	-	-	-	86	18.6
3	6	20.0	23	26.4	63	30.7	34	31.8	-	-	126	27.2
4	8	26.7	16	18.4	79	35.5	55	51.4	13	38.2	171	36.9
5	2	6.7	6	6.9	5	2.4	14	13.1	9	26.5	36	7.8
6+	-	-	-	-	6	3.0	4	3.7	12	35.3	22	4.7
TOTAAL	30	100.0	87	100.0	205	100.0	107	100.0	34	100.0	463	100.0
R. G. (Verwachte kindertal)	2.13		2.72		3.29		3.89		5.09		3.38	

r = 0.54

Die groep wat graag meer kinders sou wou gehad het, verklaar meesal dat hulle graag op die huidige tydstip reeds al hul kinders sou wou gehad het, of dat hulle nie tred gehou het met die beplande gesinsgrootte nie en vrees dat dit nie meer "ingejaal" sal kan word nie. Psigiese en sosiale redes is ook genoem en heelwat vroue het verklaar dat hul huwelikslewe gelukkiger sou gewees het indien daar meer kinders was.

Agt van die nege vroue wat van mening was dat hulle liefs minder kinders sou wou gehad het, verklaar dat ekonomiese probleme ondervind word en dat dit moeilik is om die kinders te onderhou.

HOOFSTUK 4

DIE FERTILITEITSVERANDERLIKES ONTLEED VOLGENS OUDERDOM

4.1 INLEIDING

Die invloed van die vrou se huwelisksouderdom en die ouderdomsverskil tussen man en vrou op die begeerde, verwagte en huidige kindertalle, word vervolgens bespreek. Aangesien huidige ouderdom direk verband hou met huwelisksouderdom (slegs persone wat tussen ses en sewe jaar getroud is, is by die ondersoek ingesluit) sou dit geen nuttige doel dien om ook eersgenoemde as onafhanklike veranderlike in die ontleding te implementeer nie.

Die hoofstuk word afgesluit met 'n aanduiding van die ouderdomme waarop vroue hul gesinne voltooi het of wil voltooi.

4.2 HUWELIKSOUDERDOM

Tabelle 4.1 tot 4.3 bied ontledings van die begeerde, verwagte en huidige kindertalle volgens die huwelisksouderdom van die vrou.

Benewens vroue in die hoogste huwelisksouderdomsgroep (25 jaar en ouer) wat 'n betreklike hoë gemiddelde begeerde kindertal aandui, is daar 'n daling in dié syfer al na gelang huwelisksouderdom toeneem.

Volgens tabel 4.2 kom 'n reëlmatafje afname in die gemiddelde verwagte kindertalle al na gelang huwelisksouderdom toeneem, ook nie konsekwent voor nie. Die gemiddelde verwagte kindertalle toon groter diversiteit as die gemiddelde begeerde kindertalle.

Tabel 4.3 toon dat die grootste enkele persentasie van die vroue in al die ouderdomsgroepe tans twee kinders het. 'n Opvallende hoë persentasie van die persone wat op 17- tot 18-jarige leeftyd getroud is, het egter reeds drie of meer kinders.

Die gemiddelde huidige kindertalle toon dieselfde tendens as dié ten opsigte van die begeerde kindertalle wat reeds bespreek is: Na 'n konsekwente daling met 'n toenemende huwelisksouderdom, is die syfer ten opsigte van diegene met die hoogste huweliksleeftyd weer ietwat hoër as dié met betrekking tot vroue wat op 23- tot 24-jarige leeftyd in die huwelik bevestig is.

Aangesien huwelisksduur konstant gehou is, kan dit nie 'n faktor wees in die verklaring van die verskille en tendense wat uit voorgaande tabelle blyk nie. Dit moet in gedagte gehou word dat die sosio-ekonomiese en kulturele agtergrond van vroue wat op 'n vroeë leeftyd trou, afwyk van dié van vroue wat op 'n latere leeftyd trou. In hoofstuk 2 is reeds aangetoon dat vroue wat vroeg trou, oor die algemeen oor laer onderwyskwalifikasies beskik as diegene wat op later leeftyd trou en daar kan verder aangelei word dat omdat vroue met lae kwalifikasies oor die algemeen met mans met lae kwalifikasies trou, hulle mans gewoonlik in blouboordjieberoepen aangetref sal word en ekonomies swakker daaraan toe sal wees. Hierbenewens verskil die huwelisksouderdom soms tussen geloofsgroepe, en is bevind dat vroue wat uit groot gesinne kom, oor die algemeen op jeugdiger leeftyd trou as vroue wat eers later in die huwelik bevestig word. Hierdie faktore sal benewens die huwelisksouderdom self, ook die gesinsgrootte, en die gesindheid in hierdie verband, beïnvloed.

Afgesien van bogenoemde verklarings blyk dit dat 'n duidende negatiewe verband tussen die huidige kindertal en huwelisksouderdom bestaan, terwyl die begeerde en verwagte kindertalle swakker met huwelisksouderdom korreleer.

4.3 OUDERDOMSVERSKIL

Waarskynlik is die vroue wat jonger as die vroue wat ouer is, die vroue wat gemiddelde begeerde kindertal (3.48) laer as dié by vroue met mans wat ouer as hulself is. Die gemiddeldes van die groep vroue van wie die mans hoogstens twee jaar, drie tot vyf jaar en minstens ses jaar ouer as hulself is, kom onderskeidelik op 3.67, 3.74 en 3.57 te staan.

TABEL 4.1

BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS HUWELIKSOUDERDOM VAN VROU

Begeerde kindertal	Huweliksouderdom (in jare)										Totaal	
	17-18		19-20		21-22		23-24		25 en ouer			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
0	-	-	-	-	1	0.6	-	-	-	-	1 0.2	
1	-	-	-	-	2	1.2	1	1.5	-	-	3 0.7	
2	3	7.3	25	16.2	22	13.4	12	18.2	8	21.1	70 15.1	
3	10	24.4	38	24.7	44	26.8	15	22.7	8	21.1	115 24.8	
4	20	48.8	69	44.8	75	45.7	30	45.5	15	39.5	209 45.1	
5	6	14.6	8	5.2	8	4.9	4	6.1	5	13.2	31 6.7	
6+	2	4.9	14	9.1	12	7.3	4	6.1	2	5.3	34 7.4	
TOTAAL	41	100.0	154	100.0	164	100.0	66	100.0	38	100.0	463 100.0	
R. G.	3.85		3.70		3.60		3.55		3.63		3.65	

r = -0.04

TABEL 4.2
VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS HUWE LIKSOUERDOM VAN VROU

Verwagte kindertal	Huwelisksouerdom (in jare)										Totaal	
	17-18		19-20		21-22		23-24		25 en ouer			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
0	-	-	3	1.9	6	3.7	2	3.0	1	2.6	12	2.6
1	-	-	3	1.9	5	3.0	1	1.5	1	2.6	10	2.2
2	5	12.2	34	22.1	27	16.5	12	18.2	8	21.1	86	18.6
3	12	29.3	35	22.7	51	31.1	17	25.8	11	28.9	126	27.2
4	17	41.5	57	37.0	61	37.2	25	37.9	11	28.9	171	36.9
5	5	12.2	10	6.5	9	5.5	7	10.6	5	13.2	36	7.8
6+	2	4.9	12	7.8	5	3.0	2	3.0	1	2.6	22	4.8
TOTAAL	41	100.0	154	100.0	164	100.0	66	100.0	38	100.0	463	100.0
R. G.	3.68		3.45		3.24		3.38		3.32		3.38	

r = -0.05

TABEL 4.3

HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS HUWELIKSOUDERDOM VAN VROU

Huidige kindertal	Huweliksouderdom (in jare)										Totaal	
	17 - 18		19-20		21-22		23-24		25 en ouer			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
0	1	2.4	8	5.2	11	6.7	7	10.6	3	7.9	30 6.5	
1	4	9.8	28	18.2	36	22.0	11	16.7	8	21.1	87 18.8	
2	19	46.3	65	42.2	72	43.9	32	48.5	17	44.7	205 44.3	
3	13	31.7	37	24.0	37	22.6	12	18.2	8	21.1	107 23.1	
4	3	7.3	11	7.1	8	4.9	4	6.1	2	5.3	28 6.0	
5	1	2.4	4	2.6	-	-	-	-	-	-	5 1.1	
6	-	-	1	0.6	-	-	-	-	-	-	1 0.2	
TOTAAL	41	100.0	154	100.0	164	100.0	66	100.0	38	100.0	463 100.0	
R. G.	2.39		2.20		1.97		1.92		1.95		2.08	

r = -0.15

Ten opsigte van die verwagte kindertal, is die posisie ietwat anders. Vroue met jonger mans het die hoogste verwagte kindertal (3.48) en vroue met mans wat minstens ses jaar ouer as hulself is, het ook die laagste verwagte kindertal (3.0).

Die gemiddelde huidige kindertal by vroue wat ouer is as hul mans, is die laagste (1.98), dan volg die groep met mans wat tussen drie en vyf jaar ouer as hulle is (2.15), dan diegene met mans wat minstens ses jaar ouer as hulself is (2.22) en dan die vroue met mans wat hoogstens twee jaar ouer is (2.47).

Geen duidelike tendense kom na vore nie. Dit blyk onder andere uit bostaande dat vroue wat ouer as hul mans is, die laagste gemiddelde begeerde en huidige kindertalle, maar die hoogste gemiddelde verwagte kindertal het.

4.4

OUDERDOM WAAROP GESIN VOLTOOI IS OF VOLTOOI MOET WEES

Van die 463 vroue het 112 (24.2%) aangedui dat hulle kinders het, maar nie verwag om verdere kinders te hê nie, 12 (2.6%) het geen kinders gehad nie en verwag ook nie om kinders te hê nie, terwyl die res, naamlik 339, (73.2%), verwag om nog kinders te hê.

Die grootste enkele persentasie van eersgenoemde 112 vroue, het hul laaste kind op 25-jarige ouderdom gehad. Die mediaanouderdom kom op 26.4 jaar te staan en die gemiddelde kindertal van hierdie groep vroue is op 2.53 bereken.

Vroue wat verwag om nog kinders te hê, is versoek om aan te dui op watter leeftyd hulle graag hul laaste kind sal wil hê. Die grootste enkele persentasie (26.8%) wil hul gesinne tussen 30- en 31-jarige leeftyd voltooi. Die mediaanouderdom by gesinsvoltooiing kom op 32.9 jaar te staan.

Teenoor 82.2 persent van die huidige groep vroue wat hul gesinne voor hul 36 ste lewensaar wil voltooi, het slegs 18.2 persent van die Pretoriase vroue (met voltooide en onvoltooide gesinne en nie beperk tot slegs Afrikaanssprekende Protestante nie) wat twee dekades gelede by 'n ondersoek betrek is, die mening uitgespreek dat die laaste kind voor die 35ste lewensaar gebore moet word (45, bl. 170). Hierdie opvallende verskil kan waarskynlik nie slegs aan die daling in die huweliksouderdom toegeskryf word nie (die mediaanhuweliksouderdomme van jonkmans en -vroue het in 1948 op 25.6 en 21.6 jaar respektiewelik (54, bl. B-44) en in 1965, volgens voorlopige syfers, op onderskeidelik 24.1 en 21.2 jaar (55, bl. C-12) te staan gekom) en waarskynlik ook nie aan die feit dat die begeerde en werklike kindertalle gedaal het nie. Dit wil dus voorkom asof vroue in 'n toenemende mate verkies om al hul kinders op 'n jeugdige leeftyd te hê. Die bevinding ten opsigte van die Verenigde State dat: "Since we are marrying younger and having our children sooner, the time lapse from generation to generation is shortening" (5, bl. 43) geld dus waarskynlik ook vir Suid-Afrika.

Op 'n vraag waarom die vroue graag voltooide gesinne op die genoemde ouderdomme wil hê, is 'n verskeidenheid van antwoorde ontvang. Die meeste van hierdie antwoorde is egter ter ondersteuning van die begeerte om die laaste kind op betreklike jeugdige leeftyd te hê.

Nagenoeg driekwart van die vroue het redes verstrek wat dui op verwagte moontlike aanpassingsprobleme tussen ouer en kind indien die laaste kind op 'n latere tydstip as dié wat aangedui is op die toneel sal verskyn. Antwoorde soos „Ons sal dan nog maats kan wees“; „Ons sal dan nog ons kinders se probleme kan begryp“; „Ons sal op 'n latere stadium miskien te ongeduldig met kinders word“; en „Op 'n vrou se oorgangsjare het sy te veel frustrations om nog met jong kinders te sukkel“ is voorbeeld van antwoorde wat in hierdie verband ontvang is. Ekonomiese oorwegings („Ek verwag tans 'n baba en as gevolg van ons huidige finansiële posisie moet dit die laaste een wees“ of „Ek wil my kinders vroegtydig hê sodat ek weer kan gaan werk“), fisiologiese oorwegings („Geboortes na die 30ste lewensaar is moeilik“) en sosiale redes („As hulle groot is, kan ek meer sosiaal wees“) het in nagenoeg 15 persent van die gevalle voorgekom.

Nagenoeg 10 persent van die betrokke vroue kon geen afdoende motivering verskaf nie. Die meeste van hulle het dit „net so beplan“.

HOOFSTUK 5

DIE FERTILITEITSVERANDERLIKES ONTLEED VOLGENS KERKVERBAND

5.1 INLEIDING

Verskeie ondersoekers het reeds gewys op die invloed van geloof en kerkverband op fertilitet. In hierdie verband beweer R. Freedman, P. K. Whelpton en J.W. Smit: „Jews, Protestants and Catholics in the United States are known to differ in their behavior and values in the area of fertility and fertility planning” (24, bl. 608).

Aangesien die huidige onderzoek beperk is tot Afrikaanssprekende Protestantse persone wat dus meesal tot kerke behoort wat nie wesenlik verskil in hulle houding ten opsigte van gesinsbeperking nie, is geringer verskille te wagte as dié waarvan bogenoemde ondersoekers gewag maak.

Ook moet onthou word dat sommige mense, en waarskynlik veral stedelinge, slegs in naam lede van 'n kerk is. Dit is moontlik dat die invloed van die kerk op hierdie persone minimaal is en ook dat kerkverband in 'n ontleding van sosiale feite met betrekking tot hierdie individue eintlik nie ter sake is nie. Hoewel die kerkverband van die betrokke egpare bepaal is, het die meer wesenlike aspekte soos „geloof” en „kerkvastigheid” nie aandag geniet nie.

Indien aanvaar word dat sekere van die reeds bespreekte aanwysers van sosio-ekonomiese status 'n invloed op die gesinsgrootte uitoefen, moet die „invloed” van kerkverband op gesinsgrootte met die nodige versigtigheid geïnterpreteer word. Soos reeds aangedui (kyk afdelings 2.5, 2.6 en 2.7), is die sosio-ekonomiese status van die onderskeie kerkverband groepe nie identies nie.

5.2 KERKVERBAND

Die begeerde, verwagte en huidige kindertalle word in tabelle 5.1, 5.2 en 5.3 volgens kerkverband ontleed.

Opvallende verskille in die begeerde kindertalle van vroue wat tot die verskillende kerke behoort, kom nie voor nie en – met een uitsondering – is 'n begeerde kindertal van vier die populêrste by al die groepe. Hoewel die grootste persentasie van diegene wat sektekerke aanhang, 'n begeerde kindertal van drie het, is die gemiddelde begeerde kindertal van hierdie vroue die hoogste (3.96 teenoor 3.65 van alle vroue).

Diegene wat tot Engelse kerke behoort, het die laagste gemiddelde begeerde kindertal (3.30), maar die getalle in hierdie kategorie is so gering dat afleidings beswaarlik geregverdig kan word.

Tabel 5.2 toon dat hoewel die verwagte kindertal by al die kategorieë laer is as die begeerde kindertal, nagenoeg dieselfde tendens as in tabel 5.1 voorkom: Die gemiddelde ten opsigte van die groep in sektekerke is weer die hoogste (3.67), terwyl dié van vroue in Engelse kerke weer die laagste (2.80) is.

Hierbenewens kom die verwagte kindertal van die grootste enkele persentasie vroue wat tot die Nederduitse Gereformeerde, die Gereformeerde, die Nederduitsch Hervormde en die Apostoliese Geloofsverkondigerkerke behoort – soos in die geval van die begeerde kindertal – op vier te staan. By die ander groepe vroue verwag die grootste enkele persentasies om twee of drie kinders te hé. Soos reeds vermeld, is laasgenoemde syfers onder verdenking vanweë die geringe getalle waarop dié ontledings gebaseer is.

Wat die huidige kindertal betref (tabel 5.3) blyk dit eerstens dat, met uitsondering van dié groep wat sektekerke aanhang, die grootste enkele persentasie vroue in al die groepe twee kinders het. Die grootste enkele persentasie vroue in die sektekerke het reeds drie kinders.

Tweedens val dit op dat vroue in sektekerke ook die hoogste gemiddelde getal kinders het (2.67), terwyl vroue in Engelse kerke weer die laagste gemiddelde getal het (1.70).

TABEL . 5.1
BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS KERKVERBAND

Begeerde kindertal	Kerkverband														Totaal	
	Nederduitse Gereformeerde Kerk		Gereformeerde Kerk		Nederduitsch Hervormde Kerk		Apostoliese Geloofssendingkerk		Sektekerke		Engelse kerke		Ander			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
0	1	0.4	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	0.2
1	3	1.1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	3	0.7
2	43	15.1	11	22.9	8	11.3	2	14.3	3	11.1	3	30.0	-	-	70	15.1
3	81	28.4	5	10.4	13	18.3	4	28.6	9	33.3	1	10.0	2	25.0	115	24.8
4	118	41.4	27	56.3	38	53.5	7	50.0	8	29.6	6	60.0	5	62.5	209	45.1
5	17	6.0	4	8.3	6	8.5	-	-	3	11.1	-	-	1	12.5	31	6.7
6+	22	7.7	1	2.1	6	8.5	1	7.1	4	14.8	-	-	-	-	34	7.4
TOTAAL	285	100.0	48	100.0	71	100.0	14	100.0	27	100.0	10	100.0	8	100.0	463	100.0
R. G.	3.60		3.56		3.85		3.57		3.96		3.30		3.88		3.65	

TABEL 5.2
VERWAGTE KINDELTAL VOLGENS KERKVERBAND

Verwachte kindertal	Kerkverband												Totaal			
	Nederduitse Gereformeerde Kerk		Gereformeerde Kerk		Nederduitsch Hervormde Kerk		Apostoliese Geloofsendingkerk		Sektekerke		Engelse kerke		Ander			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
0	10	3.5	-	-	1	1.4	-	-	1	3.7	-	-	-	-		
	10	3.5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	10	2.2	
	51	17.9	12	25.0	10	14.1	3	21.4	5	18.5	5	50.0	-	-	86	18.6
	78	27.4	9	18.8	19	26.8	4	28.6	9	33.3	2	20.0	5	62.5	126	27.2
	99	34.7	23	47.9	31	43.7	7	50.0	5	18.5	3	30.0	3	37.5	171	36.9
	22	7.7	4	8.3	6	8.5	-	-	4	14.8	-	-	-	-	36	7.8
	15	5.3	-	-	4	5.6	-	-	3	11.1	-	-	-	-	22	4.7
TOTAAL	285	100.0	48	100.0	71	100.0	14	100.0	27	100.0	10	100.0	8	100.0	463	100.0
R. G.	3.31		3.40		3.63		3.29		3.67		2.80		3.38		3.38	

TABEL 5.3

HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS KERKVERBAND

Huidige kindertal	Kerkverband														Totaal	
	Nederduitse Gereformeerde Kerk		Gereformeerde Kerk		Nederduitsch Hervormde Kerk		Apostoliese Ge'loofsendingkerk		Sektekerke		Engelse kerke		Ander			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
0	21	7.4	1	2.1	4	5.6	-	-	1	3.7	2	20.0	1	12.5	30 6.5	
1	58	20.4	11	22.9	11	15.5	4	28.6	2	7.4	1	10.0	-	-	87 18.8	
2	127	44.6	21	43.8	34	47.9	5	35.7	9	33.3	5	50.0	4	50.0	205 44.3	
3	59	20.7	13	27.1	15	21.1	4	28.6	11	40.7	2	20.0	3	37.5	107 23.1	
4	16	5.6	2	4.2	7	9.9	1	7.1	2	7.4	-	-	-	-	28 6.1	
5	4	1.4	-	-	-	-	-	-	1	3.7	-	-	-	-	5 1.1	
6	-	-	-	-	-	-	-	-	1	3.7	-	-	-	-	1 0.2	
TOTAAL	285	100.0	48	100.0	71	100.0	14	100.0	27	100.0	10	100.0	8	100.0	463 100.0	
R. G.	2.01		2.08		2.14		2.14		2.67		1.70		2.13		2.08	

Derdens kan vermeld word dat die verskille in die huidige kindertalle van vroue wat tot een van die „susterkerke“ behoort, gering is. Die verskille wat wel bestaan, is geringer as die verskille wat met betrekking tot die begeerde en verwagte kindertalle aangetref is. Laasgenoemde verskille sal moontlik tot duideliker verskille in die uiteindelike gesinsgroottes aanleiding gee.

Opsommend tot hierdie hoofstuk kan verklaar word dat van die hoogste gemiddelde begeerde, verwagte en huidige kindertalle by vroue in die sektekerke en die Nederduitsch Hervormde Kerk voorkom. By vroue in die Apostolieke Geloofsverkondigingkerk is die gemiddelde huidige kindertal hoog, maar die gemiddelde begeerde en verwagte kindertalle betreklik laag. Die laagste gemiddelde begeerde, verwagte en huidige kindertalle kom voor by persone wat tot die Nederduitse Gereformeerde, Gereformeerde en Engelse kerke behoort. Afgesien van die moontlike invloede relevant tot fertilitet wat van die bogenoemde kerke self uitgaan, moet onthou word dat, geoordeel aan die beroepsposisie, onderwyspeil en inkomste, daar sosio-ekonomiese verskille voorkom tussen egpare in hierdie ondersoeksgroep wat tot verskillende kerke behoort.

Bogenoemde is natuurlik nie 'n geldige uitspraak ten opsigte van die ekonomiese posisie van die aanhangers van die onderskeie kerke nie- dit geld slegs vir die ondersoeksgroep.

HOOFSTUK 6

DIE FERTILITEITSVERANDERLIKES ONTLEED VOLGENS SOORT WONING

6.1 INLEIDING

Dit is bekend dat behuising of huisvesting een van die belangrikste faktore is wat die gesinsgrootte en -beplanning van 'n egpaar kan beïnvloed (61, bll. 214-216). 'n Groot persentasie egpare in stede woon aanvanklik in woonstelle totdat hulle een, twee of selfs meer kinders het voordat hulle 'n eie huis koop, laat bou of huur. Daar word dan ook altyd geredeneer dat "woonstelle nie vir die gesinslewe en vir kinders ontwerp is nie. Meestal is daar geen voor-siening gemaak vir die ontspanning van kinders of vir plekke en oop ruimtes waar hulle op 'n gesonde manier kan speel nie" (45, bl. 123).

In hierdie hoofstuk word nagegaan wat die verband tussen die oorwegende soort woning van die ondersoeksgroep na die huwelik en hul huidige woning en die fertilitetsveranderlikes is.

6.2 OORWEGENDE SOORT WONING NA DIE HUWE LIK

Aan die respondentie is gevra hoe lank hulle in elke soort woning na die huwelik gewoon het. Die soort woning waarteenoor die langste tydperk aangedui is, word as die oorwegende woning na die huwelik beskou.

In tabel 6.1 word 'n ontleding van die begeerde kindertal volgens die egpaar se oorwegende soort woning na die huwelik aangebeeld.

Dit is duidelik dat die grootste persentasie vroue in elke groep met uitsondering van die onbenullige groep wat oorwegend in 'n losieshuis of hotel woonagtig was, graag vier kinders wil hê.

Dit is opvallend dat, slegs in die geval waar 'n woonstel die oorwegende woning na die huwelik was, die persentasie vroue wat minder as vier kinders begeer (49.6%), groter is as die persentasie (38.9%) wat net vier kinders wil hê.

Die hoogste en laagste gemiddelde begeerde kindertalle kom voor by vroue wat onderskeidelik oorwegend in 'n deel van 'n huis (4.44) en in 'n woonstel (3.45) woonagtig was.

Tabel 6.2 gee 'n aanduiding van die verwagte kindertal volgens die oorwegende soort woning van die egpare na hul huwelik.

Dit blyk dat die grootste enkele persentasie vroue wat onderskeidelik oorwegend in 'n eie huis (40.3%), 'n huurhuis (40.5%) en in 'n kamer(s) by familie (35.7%) woonagtig was, 'n verwagte kindertal van vier kinders het. Van die vroue wat oorwegend in 'n deel van 'n huis gewoon het, verwag die grootste persentasie (44.4%) om drie kinders te hê.

Die laagste gemiddelde verwagte kindertal (2.95) word aangetref by vroue wat oorwegend in 'n woonstel woonagtig was en die hoogste (3.89) by vroue wie se oorwegende woning na die huwelik 'n deel van 'n huis was. Dit is opmerklik dat saam met laasgenoemde groep vroue ook daardie vroue wat in kamers by familie woonagtig was, 'n groter gemiddelde verwagte kindertal het as selfs dié wat in eie huise of huurhuise woonagtig was.

Blykens tabel 6.3 het die grootste enkele persentasie vroue in elke woninggroep, met uitsondering van diogene wat hoofsaaklik in 'n losieshuis of hotel woonagtig was, twee kinders.

Die laagste gemiddelde kindertal (1.58) kom voor waar 'n woonstel die oorwegende woning was en die hoogste (2.44) by vroue wat grotendeels in 'n deel van 'n huis woonagtig was.

6.3 HUIDIGE WONING

Die fertilitetsveranderlikes word vervolgens ontleed volgens die soort woning van die respondentie ten tye van die ondersoek. Tabel 6.4 duif die aantal kinders wat die vroue begeer, volgens die huidige woning aan.

TABEL 6.1

BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS OORWEGENDE SOORT WONING NA HUWELIK

Begeerde kindertal	Oorwegende soort woning												Totaal	
	Eie huis		Huurhuis		Deel van 'n huis		Woonstel		Losieshuis of hotel		Kamer(s) by familie			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	
0	-	-	-	-	-	-	1	0.9	-	-	-	-	1	0.2
1	-	-	1	0.8	-	-	2	1.8	-	-	-	-	3	0.7
2	28	14.3	18	14.3	-	-	20	17.7	1	20.0	3	21.4	70	15.1
3	54	27.6	25	19.8	2	22.2	33	29.2	-	-	1	7.1	115	24.8
4	91	46.4	63	50.0	3	33.3	44	38.9	1	20.0	7	50.0	209	45.1
5	9	4.6	11	8.7	2	22.2	6	5.3	2	40.0	1	7.1	31	6.7
6+	14	7.1	8	6.4	2	22.2	7	6.2	1	20.0	2	14.3	34	7.4
TOTAAL	196	100.0	126	100.0	9	100.0	113	100.0	5	100.0	14	100.0	463	100.0
R. G.	3.65		3.73		4.44		3.45		4.40		3.86		3.65	

TABEL 6.2

VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS OORWEGENDE SOORT WONING NA HUWELIK

Verwagte kindertal	Oorwegende soort woning												Totaal	
	Eie huis		Huurhuis		Deel van 'n huis		Woonstel		Losieshuis of hotel		Kamer(s) by familie			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	
0	3	1.5	1	0.8	-	-	7	6.2	1	20.0	-	-	12	2.6
	2	1.0	2	1.6	-	-	5	4.4	1	20.0	-	-	10	2.2
	32	16.3	24	19.1	-	-	26	23.0	-	-	4	28.6	86	18.6
	60	30.6	26	20.6	4	44.4	35	31.0	-	-	1	7.1	126	27.2
	79	40.3	51	40.5	2	22.2	33	29.2	1	20.0	5	35.7	171	36.9
	10	5.1	16	12.7	3	33.3	4	3.5	2	40.0	1	7.1	36	7.8
	10	5.1	6	4.8	-	-	3	2.7	-	-	3	21.4	22	4.7
TOTAAL	196	100.0	126	100.0	9	100.0	113	100.0	5	100.0	14	100.0	463	100.0
R. G.	3.44		3.59		3.89		2.95		3.00		3.86		3.38	

TABEL 6.3

HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS OORWEGENDE SOORT WONING NA HUWEWIJK

Huidige kindertal	Oorwegende soort woning												Totaal	
	Eie huis		Huurhuis		Deel van 'n huis		Woonstel		Losieshuis of hotel		Kamer(s) by familie			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	
0	8	4.1	1	0.8	-	-	17	15.0	2	40.0	2	14.3	30	6.5
1	31	15.8	19	15.1	1	11.1	34	30.1	1	20.0	1	7.1	87	18.8
2	99	50.0	52	41.3	4	44.4	45	39.8	-	-	5	35.7	205	44.3
3	46	23.5	39	31.0	3	33.3	14	12.4	1	20.0	4	28.6	107	23.1
4	10	5.1	11	8.7	1	11.1	3	2.7	1	20.0	2	14.3	28	6.1
5	2	1.0	3	2.4	-	-	-	-	-	-	-	-	5	1.1
6	-	-	1	0.8	-	-	-	-	-	-	-	-	1	0.2
TOTAAL	196	100.0	126	100.0	9	100.0	113	100.0	5	100.0	14	100.0	463	100.0
R. G.	2.13		2.42		2.44		1.58		1.60		2.21		2.08	

TABEL 6.4
BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS HUIDIGE WONING

Begeerde kindertal	Woning												Totaal	
	Eie huis		Huurhuis		Woonstel		Losieshuis		Kamer(s) by familie					
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
0	-	-	-	-	1	1.4	-	-	-	-	1	0.2		
1	1	0.4	1	0.9	1	1.4	-	-	-	-	3	0.6		
2	36	13.1	17	15.6	17	24.3	-	-	-	-	70	15.1		
3	75	27.3	20	18.3	17	24.3	-	-	3	37.5	115	24.8		
4	131	47.6	48	44.0	27	38.6	-	-	3	37.5	209	45.1		
5	14	5.1	12	11.0	4	5.7	-	-	1	12.5	31	6.7		
6+	18	6.5	11	10.1	3	4.3	1	100.0	1	12.5	34	7.3		
TOTAAL	275	100.0	109	100.0	70	100.0	1	100.0	8	100.0	463	100.0		
R. G.	3.65		3.82		3.31		-		4.00		3.65			

Met die uitsondering van vroue wat in 'n kamer(s) by familie woonagtig is, wil die grootste persentasie vroue in elke soort woning graag vier kinders hê. Vroue wat hulle in woonstelle bevind, het die kleinste (3.31) gemiddelde begeerde kindertal.

Volgens tabel 6.5 verwag nagenoeg ewe veel vroue wat in huurhuise woonagtig is, om twee (22.9%) en drie (20.2%) kinders onderskeidelik te hê. Van die vroue wat in 'n woonstel woon, verwag min of meer 'n gelyke persentasie om twee (24.3%), drie (27.1%) en vier (28.6%) kinders respektiewelik te hê.

Die grootse gemiddelde verwagte kindertal (3.56) kom voor by vroue wat huurhuise bewoon en die kleinste (2.86) by diegene wat in 'n woonstel woonagtig is.

Die huidige kindertal van die grootste persentasie vroue wat in 'n eie huis (47.3%) en 'n huurhuis (45.9%) woon, kom op twee kinders te staan (tabel 6.6). 'n Gelyke persentasie vroue (32.9%) wat in woonstelle woon, het onderskeidelik een en twee kinders. Dit is opvallend dat meer as 21 persent van die vroue wat in woonstelle woonagtig is, tans kinderloos is. Die kleinste gemiddelde kindertal (1.37) kom by vroue in woonstelle voor en die grootste (2.30) by vroue wat in huurhuise woonagtig is. By vroue wat onderskeidelik oorwegend in 'n woonstel gewoon het en tans in 'n woonstel woonagtig is, word die laagste gemiddelde begeerde, verwagte en huidige kindertalle aangetref. Die ooreenstemmende gemiddelde syfers van egpare wat in huurhuise woonagtig is, blyk die hoogste te wees.

Die beknotheid van veral woonstelle en sommige woonhuise gee waarskynlik daartoe aanleiding dat gesinne beperk word. Dit is egter beslis ook die geval dat vroue wat geen of weinig kinders wil of kan hê, dit verkies om in 'n woonstel te woon. Die hoë gemiddelde syfers wat by vroue in huurhuise aangetref word, kan heelwaarskynlik aan die algemene invloed in 'n lae statusposisie toegeskryf word (kyk afdelings 2.6 en 2.7).

TABEL 6.5

VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS HUIDIGE WONING

Verwachte kindertal	Woning										Totaal		
	Eie huis		Huurhuis		Woonstel		Losieshuis		Kamer(s) by familie				
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	
0	4	1.5	1	0.9	6	8.6	-	-	1	12.5	12	2.6	
	3	1.1	2	1.8	3	4.3	1	100.0	1	12.5	10	2.2	
	43	15.6	25	22.9	17	24.3	-	-	1	12.5	86	18.6	
	84	30.5	22	20.2	19	27.1	-	-	1	12.5	126	27.2	
	110	40.0	38	34.9	20	28.6	-	-	3	37.5	171	36.9	
	20	7.3	12	11.0	4	5.7	-	-	-	-	36	7.8	
	11	4.0	9	8.3	1	1.4	-	-	1	12.5	22	4.8	
TOTAAL		275	100.0	109	100.0	70	100.0	1	100.0	8	100.0	463	100.0
R. G.		3.46		3.56		2.86		-		3.13		3.38	

TABEL 6.6
HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS HUIDIGE WONING

Huidige kindertal	Woning										Totaal		
	Eie huis		Huurhuis		Woonstel		Losieshuis		Kamer(s) by familie				
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	
0	10	3.6	2	1.8	15	21.4	-	-	3	37.5	30	6.5	
	44	16.0	18	16.5	23	32.9	1	100.0	1	12.5	87	18.8	
	130	47.3	50	45.9	23	32.9	-	-	2	25.0	205	44.3	
	71	25.8	26	23.9	9	12.9	-	-	1	12.5	107	23.1	
	16	5.8	11	10.1	-	-	-	-	1	12.5	28	6.0	
	4	1.5	1	0.9	-	-	-	-	-	-	5	1.1	
	-	-	1	0.9	-	-	-	-	-	-	1	0.2	
TOTAAL		275	100.0	109	100.0	70	100.0	1	100.0	8	100.0	463	100.0
R. G.		2.19		2.30		1.37		-		1.50		2.08	

HOOFSTUK 7

DIE FERTILITEITSVERANDERLIKES ONTLEED VOLGENS ONDERWYSPEIL

7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die verband tussen die fertilitetsveranderlikes en die onderwyspeil van die vrou, die man asook die epare se gesamentlike onderwyspeil, bespreek.

L. R. Dice, P. J. Clark en R. I. Gilbert meld die volgende met betrekking tot die verband tussen onderwyspeil en fertilitet: „In many industrial societies, the more highly educated men and women are reported to have fewer children than the less educated persons. --- The degree of negative differential fertility in relation to amount of education is said to have decreased in recent years in the United States, but a negative differential is reported by most students of the subject still to occur" (12, bl. 30).

Volgens R. Thomlinson (59, bl. 181) en R. Freedman, P.K. Whelpton en A.A. Campbell (19, bll. 115-116) het die vrou se onderwyspeil, afsonderlik geneem, 'n groter invloed op fertilitet as die onderwyspeil van die man, terwyl die gesamentlike onderwyspeil van die epare min of meer dieselfde verband as dié van die onderwyspeil van die vrou alleen aantoon.

7.2 ONDERWYSPEIL VAN VROU

Tabel 7.1 toon aansienlike verskille in die begeerde kindertalle tussen vroue in sekere van die onderwyspeilgroepe. Die gemiddelde begeerde kindertal toon aanvanklik 'n skerp daling al na gelang die onderwyspeil hoër word, styg dan weer by die groep wat hoër kwalifikasies as 'n standerd tien-sertifikaat besit om uiteindelik weer af te neem by die bes gekwalifiseerde groep.

Blykens tabel 7.2 is nagenoeg dieselfde tendense as dié hierbo aangedui, met betrekking tot die verwagte gemiddelde kindertalle te bespeur, hoewel, in hierdie geval, die bes gekwalifiseerde groep sowel as diegene wat oor die tweede hoogste kwalifikasies beskik, laer gemiddeldes toon as diegene wat een of twee jaar opleiding na standerd tien geniet het.

Hierdie bykans U-vormige verspreiding tussen onderwyspeil en die verwagte gesinsgrootte is ook onder Amerikaanse Rooms-Katolieke opgemerk, maar onder die Protestante het hierdie verband na die negatiewe geneig (67, bl. 96). Ook in Wes-Duitsland is 'n U-vormige verspreiding tussen die gemiddelde verwagte kindertal en onderwyspeil waargeneem. In die ondersoek daar te lande het dit geblyk dat die gemiddelde verwagte kindertal van persone in die hoogste van drie onderwyspeilgroepe die hoogste (2.3) is, dan volg diegene met die laagste kwalifikasies (2.2) en dan diegene in die middelste groep (2.0) (22, bl. 145).

Ten opsigte van die huidige kindertal, word, soos blyk uit tabel 7.3, weer eens die aanvanklike daling in die gemiddeldes aangetref. Die laagtepunt verskuif nou egter na diegene met 'n standerd tien-sertifikaat plus een of twee jaar verdere opleiding, en hierna word weer 'n styging aangetref.

Dit is veral opvallend dat, ten spyte van die feit dat huweliksduur konstant gehou is vir alle groepe, vroue wat slegs standerd sewe geslaag het bykans gemiddeld een kind meer in die lewe bring het as diegene wat een of twee jaar opleiding na standerd tien deurloop het.

Afgesien van die invloed van houdingsverskille teenoor die wenslike grootte van die gesin, is die verband tussen onderwyspeil en fertilitet hier te lande waarskynlik in 'n groot mate toe te skryf aan die feit dat persone met hoë onderwys-kwalifikasies meer van geboorte-beperkingsmiddele en -tegnieke gebruik maak en dergelike middele en tegnieke met groter sukses aanwend. Op grond van 'n ondersoek wat gedurende 1957-1958 in Johannesburg onderneem is, rapporteer E. Higgins soos volg: „..... among Afrikaans Protestants standard of education is positively associated with the use of contraceptives" en „..... among Afrikaans Protestant users the higher the standard of education, the greater the extent to which chemical and/or appliance methods exclusively are used by the women concerned" (31, bll. 52-54). Met betrekking tot die Verenigde State verklaar Freedman, Whelpton en Campbell: „The more education a wife or husband has, the more likely it is that the couple has used contraception, that they began early in marriage, and that they have planned their pregnancies and avoided more than they wanted" (19, bl. 115). Elders word

TABEL 7.1
BE GEERDE KINDERTAL VOLGENS ONDERWYSPEIL VAN VROU

Begeerde kindertal	Onderwyspeil												Totaal	
	Tot st. 7		St. 8 of 9		St. 10		St. 10 + 1 of 2j.		St. 10 + 3j.		St. 10 + 4j. of meer			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
0	-	-	-	-	1	0.9	-	-	-	-	-	-	1 0.2	
1	-	-	1 0.5	1 0.9	-	-	-	-	1 4.6	3 0.7				
2	4 7.7	28 13.3	27 23.5	3 10.3	5 14.3	3 13.6	70 15.1							
3	12 23.1	53 25.2	30 26.1	9 31.0	4 11.4	7 31.8	115 24.8							
4	17 32.7	102 48.6	45 39.1	15 51.7	23 65.7	7 31.8	209 45.1							
5	10 19.2	11 5.2	7 6.1	-	1 2.9	2 9.1	31 6.7							
6+	9 17.3	15 7.1	4 3.5	2 6.9	2 5.7	2 9.1	34 7.3							
TOTAAL	52 100.0	210 100.0	115 100.0	29 100.0	35 100.0	22 100.0	463 100.0							
R. G.	4.21	3.68	3.35	3.62	3.74	3.55	3.65							

r = - 0.10

TABEL 7.2
VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS ONDERWYSPEIL VAN VROU

Verwagte kindertal	Onderwyspeil												Totaal	
	Tot st. 7		St. 8 of 9		St. 10		St. 10 + 1 of 2 j.		St. 10 + 3 j.		St. 10 + 4 j. of meer			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
0	1	1.9	5	2.4	2	1.7	1	3.5	1	2.9	2	9.1	12	2.6
1	-	-	2	1.0	5	4.4	2	6.9	-	-	1	4.6	10	2.2
2	8	15.4	35	16.7	30	26.1	3	10.3	8	22.9	2	9.1	86	18.6
3	14	26.9	61	29.1	27	23.5	8	27.6	8	22.9	8	36.4	126	27.2
4	15	28.9	83	39.5	39	33.9	12	41.4	17	48.6	5	22.7	171	36.9
5	8	15.4	15	7.1	9	7.8	1	3.5	1	2.9	2	9.1	36	7.8
6+	6	11.5	9	4.3	3	2.6	2	6.9	-	-	2	9.1	22	4.8
TOTAAL	52	100.0	210	100.0	115	100.0	29	100.0	35	100.0	22	100.0	463	100.0
R. G.	3.79		3.43		3.18		3.34		3.23		3.23		3.38	

$r = -0.10$

TABEL 7.3

HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS ONDERWYSPEIL VAN VROU

Huidige kindertal	Onderwyspeil												Totaal	
	Tot st. 7		St. 8 of 9		St. 10		St. 10 + 1 of 2j.		St. 10 + 3j.		St. 10 + 4j. of meer			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
0	2	3.9	10	4.8	11	9.6	3	10.3	2	5.7	2	9.1	30	6.5
1	6	11.5	36	17.1	22	19.1	10	34.5	6	17.1	7	31.8	87	18.8
2	16	30.8	97	46.2	53	46.1	10	34.5	22	62.9	7	31.8	205	44.3
3	17	32.7	48	22.9	27	23.5	5	17.2	5	14.3	5	22.7	107	23.1
4	8	15.4	16	7.6	2	1.7	1	3.5	-	-	1	4.6	28	6.1
5	2	3.9	3	1.4	-	-	-	-	-	-	-	-	5	1.1
6	1	1.9	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	0.2
TOTAAL	52	100.0	210	100.0	115	100.0	29	100.0	35	100.0	22	100.0	463	100.0
R.G.	2.63		2.16		1.89		1.69		1.86		1.82		2.08	

r = -0.20

verklaar: „Once use is begun, the couples with better-educated wives are more likely to be successful in planning their pregnancies and less likely to have accidental or other unplanned pregnancies" (19, bl. 119).

7. 3

ONDERWYSPEIL VAN MAN

Aangesien – soos reeds meermale vermeld – die onderwyspeil van mans hoog korreleer met dié van hul vroue, kan verwag word dat die tendense wat in die voorgaande afdeling bespreek is, ook sal voorkom ten opsigte van die mans. Met enkele afwykings, is dit inderdaad dan ook die geval.

Die gemiddelde begeerde, verwagte en huidige kindertalle is hoog by diegene met slegs 'n standerd sewe-sertifikaat (onderskeidelik 3.80, 3.61 en 2.34), daal al na gelang onderwyspeil toeneem totdat 'n laagtepunt by diegene met 'n standerd tien-sertifikaat plus een of twee jaar verdere opleiding bereik word (3.26, 2.67 en 1.67 respektiewelik) en styg dan weer met stygende onderwyspeil totdat betreklike hoë gemiddeldes by die groep met die beste kwalifikasies voorkom (3.87, 3.58 en 1.88 onderskeidelik). Dit is veral opmerklik dat die gemiddeldes ten opsigte van mans met die laagste onderwyskwalifikasies nie – soos die geval met die syfers ten opsigte van vroue met die laagste kwalifikasies – deurgaans hoër as dié van die groep met die beste kwalifikasies is nie. Die hoogste gemiddelde begeerde kindertal word aangetref by die groep met die hoogste kwalifikasies. Die gemiddelde verwagte en huidige kindertalle, is egter laer by laasgenoemde as by dié groep met die laagste kwalifikasies.

Die tabelle en gegewens wat tot dusver in hierdie hoofstuk verskyn, toon dat daar nie 'n sterk liniêre verband tussen onderwyspeil by die man sowel as die vrou en fertilititeit en fertilitetsbegeertes (op hierdie stadium van die huwelik) bestaan nie. U-vormige verspreidings, wat aanleiding tot lae r-waardes gee, kom voor.

Hoewel onderwyspeil 'n belangrike determinant van sosio-ekonomiese status en omstandighede is, moet die totaliteit van houdings en omstandighede wat met 'n besondere sosio-ekonomiese status geassosieer word, eerder as onderwyspeil in isolasie, as 'n moontlike verklaring vir die waargenome verband gesien word.

7. 4

GESAMENTLIKE ONDERWYSPEIL

In voorgaande afdelings is die onderwyspeil van die mans en vroue afsonderlik met die begeerde, verwagte en huidige kindertalle in verband gebring. Vervolgens word die „saamgevatte" gesamentlike onderwyspeil volgens bogenoemde veranderlikes ontleed.

Tabel 7. 4 toon dat die gemiddelde begeerde kindertalle relatief hoog is waar die onderwyspeil van die man sowel as die vrou hoog of laag is en waar die man oor hoër kwalifikasies as die vrou beskik. Waar albei oor gemiddelde kwalifikasies beskik en waar die onderwyspeil van die vrou hoër as dié van haar man is, is dié syfers opvallend laer.

Dieselfde tendens kom ook voor met betrekking tot die verwagte kindertal (kyk tabel 7. 5)

Wat die huidige kindertal betref, toon tabel 7. 6 dat die gemiddelde getal by mans en vroue wat albei oor lae kwalifikasies beskik, verreweg die hoogste is en dat geringe verskille ten opsigte van die ander groepe voorkom.

Uit bogenoemde drie tabelle is dit weer duidelik dat, hoewel die huidige kindertal by die meeste onderwyspeilgroepe ooreenkoms toon, die gesindheid teenoor die gesinsgrootte aamerklik verskil en dat dit veral persone met 'n gemiddelde onderwyspeil is wat die minste kinders begeer en verwag om te hê. Die strewe na opwaartse sosiale styging by hierdie groep kan as moontlike verklaring aangebied word.

TABEL 7.4
BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS GESAMENTLIKE ONDERWYSPEIL VAN DIE EGPARE

Begeerde kindertal	Gesamentlike Onderwyspeil												Totaal
	Albei laag ¹⁾		Albei gemiddeld ²⁾		Albei hoog ³⁾		Man hoër as vrou		Vrou hoër as man		G	%	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	
0	-	-	1	1.6	-	-	-	-	-	-	1	0.2	
1	1	0.6	-	-	1	2.1	1	0.7	-	-	3	0.7	
2	18	10.7	16	25.4	5	10.6	22	14.4	9	29.0	70	15.1	
3	43	25.4	18	28.6	9	19.1	34	22.2	11	35.5	115	24.8	
4	75	44.4	24	38.1	25	53.2	75	49.0	10	32.3	209	45.1	
5	14	8.3	3	4.8	3	6.4	10	6.5	1	3.2	31	6.7	
6+	18	10.7	1	1.6	4	8.5	11	7.2	-	-	34	7.4	
TOTAAL	169	100.0	63	100.0	47	100.0	153	100.0	31	100.0	463	100.0	
R. G.	3.85		3.22		3.77		3.69		3.10		3.65		

1) Hoogstens standerd 9.

2) Standerd 10 en standerd 10 plus hoogstens 2 jaar verdere opleiding.

3) Standerd 10 en minstens 3 jaar opleiding.

TABEL 7.5

VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS GESAMENTLIKE ONDERWYSPEIL VAN DIE EGPARE

Verwagte kindertal	Gesamentlike Onderwyspeil										Totaal	
	Albei laag		Albei gemiddeld		Albei hoog		Man hoër as vrou		Vrou hoër as man			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
0	2	1.2	2	3.2	3	6.4	4	2.6	1	3.2	12 2.6	
1	1	0.6	5	7.9	1	2.1	3	2.0	-	-	10 2.2	
2	25	14.8	15	23.8	5	10.6	31	20.3	10	32.3	86 18.6	
3	48	28.4	15	23.8	13	27.7	39	25.5	11	35.5	126 27.2	
4	66	39.1	21	33.3	20	42.6	56	36.6	8	25.8	171 36.9	
5	15	8.9	5	7.9	3	6.4	12	7.8	1	3.2	36 7.8	
6+	12	7.1	-	-	2	4.3	8	5.2	-	-	22 4.7	
TOTAAL	169	100.0	63	100.0	47	100.0	153	100.0	31	100.0	463 100.0	
R. G.	3.63		3.00		3.26		3.37		2.90		3.38	

TABEL 7.6
HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS GESAMENTLIKE ONDERWYSPEIL VAN DIE EGpare

Huidige kindertal	Gesamentlike Onderwyspeil										Totaal	
	Albei laag		Albei gemiddeld		Albei hoog		Man hoër as vrou		Vrou hoër as man			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
0	6	3.6	4	6.3	4	8.5	13	8.5	3	9.7	30 6.5	
	20	11.8	18	28.6	10	21.3	34	22.2	5	16.1	87 18.8	
	72	42.6	24	38.1	24	51.1	67	43.8	18	58.1	205 44.3	
	50	29.6	16	25.4	8	17.0	28	18.3	5	16.1	107 23.1	
	16	9.5	1	1.6	1	2.1	10	6.5	-	-	28 6.1	
	4	2.4	-	-	-	-	1	0.7	-	-	5 1.1	
	1	0.6	-	-	-	-	-	-	-	-	1 0.2	
TOTAAL	169	100.0	63	100.0	47	100.0	153	100.0	31	100.0	463 100.0	
R. G.	2.39		1.87		1.83		1.94		1.81		2.08	

HOOFSTUK 8

DIE FERTILITEITSVERANDERLIKES ONTLEED VOLGENS BEROEP VAN DIE MAN EN DIE WERKGESKIEDENIS VAN DIE VROU

8.1 INLEIDING

Aangesien persone in die hoogste beroepsklasse gewoonlik ook oor die hoogste onderwyskwalifikasies beskik en andersom, sal die invloed van albei hierdie faktore op die fertilitet ten nouste saamhang.

Die verband tussen beroep en beroepstatus in veral die eerste helfte van hierdie eeu word deur D. G. Franzsen en J. L. Sadie soos volg saamgevat: „Die algemene verskynsel wat hom t. o. v. die beroeps- of bedryfsdifferensiaal voordoen, is dat die gesinne van diegene wat 'n bestaan maak deur middel van fisiese inspanning, oftewel hande-arbeid, gewoonlik groot is. Daar bestaan 'n negatiewe korrelasie tussen die mate waarin die intellektuele vermoëns ingespan word en vrugbaarheid" (17, bl. 71).

Hierdie verskynsel het tot kommer aanleiding gegee, onder andere omdat daar gevrees is dat die stadige reproduksiekoers van die talentvolles en die hoë fertilitet in die klasse met die minder talentvolle lae van die bevolking uiteindelik die gehalte van 'n bevolking sou verswak.

C. O. Carter verklaar dat differensiële fertilitet veral toegeskryf moet word aan die sukses wat behaal word met gesinsbeplanning: „The more able and educated make more effective use of the various methods available, natural and artificial, of regulating conception" (9, bl. 148). Maar, vervolg Carter, aangesien navorsing daarop duï dat die gebruik om gesinne te beplan, toename en deurwerk na alle strata van die bevolking in sekere gemeenskappe, moet verwag word dat die bogenoemde negatiewe korrelasie sal verdwyn. Daar is dan ook inderdaad bewyse dat waar gesinsbeplanning algemeen word, die negatiewe verband nie slegs verdwyn nie maar selfs positief word en dat egpare waar die mans in die hoogste beroepsklas val en oor die beste op-leiding beskik, die grootste gesinne het.

In ontwikkelde lande is die verband tussen sosiale status en fertilitet dus blykbaar in 'n proses van oorgang.

In hierdie hoofstuk val die klem veral op die invloed van beroepstatus op fertilitet en die begeertes en verwagtinge in hierdie verband. Beroepsarbeid van die vrou, wat om voor die hand-liggende redes ook 'n invloed sal uitoefen, geniet ook die aandag.

8.2 BEROEP VAN MAN

Ten einde uitspraak te kan gee oor die verband tussen beroepstatus en gesinsgroottes en fertilitetsbegeertes, is die beroepskategorieë in tabelle 8.1 tot 8.3 in hierargiese volgorde van hoog tot laag gerangskik. Hierdie indeling is arbitrêr gekies dog weerspieël waarskynlik die werklike posisie by benadering.

Volgens tabel 8.1 stem die gemiddelde begeerde kindertalle by vroue van professionele en uitvoerende werkers, vervoer- en dienswerkers en vakmanne en produksiewerkers baie ooreen, terwyl die ooreenstemmende syfer vir klerklike werkers (3.54) ietwat laer vertoon.

Die twee hoogste gemiddelde verwagte kindertalle (kyk tabel 8.2) kom onderskeidelik by vroue van vakmanne en produksiewerkers en professionele en uitvoerende werkers voor. Die syfers by vroue van klerklike werkers (3.20) en vervoer- en dienswerkers (3.15) is heelwat laer as dié van die eersgenoemde twee beroepsgroepe.

Tabel 8.3 toon dat die grootste gemiddelde huidige kindertal by vroue van vakmanne en produksiewerkers voorkom, gevolg deur diegene van wie die mans vervoer- en dienswerkers is. Die syfers ten opsigte van vroue van professionele en uitvoerende (1.88) en klerklike werkers (1.97) verskil nie veel van dié van vervoer- en dienswerkers (2.02) nie. Hierdie gemiddeldes is egter opmerklik laer as dié van vroue van vakmanne en produksiewerkers (2.36).

Daar is 'n geringe aanduiding van 'n U-vormige verspreiding ten opsigte van die begeerde en verwagte kindertalle, met die professionele en uitvoerende werkers aan die een en die vakmanne en produksiewerkers aan die ander bopunt. 'n Soortgelyke verspreiding met betrekking

TABEL 8.1

BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS BEROEP VAN MAN

Begeerde kindertal	Beroep										Totaal	
	Professionele en uitvoerende werkers		Klerklike werkers		Vervoer- en dienswerkers		Vakmanne en produksiewerkers		G	%		
	G	%	G	%	G	%	G	%				
0	1	0.7	-	-	-	-	-	-	1	0.2		
1	-	-	2	1.7	1	1.7	-	-	3	0.7		
2	20	14.7	15	12.7	10	16.9	25	16.7	70	15.1		
3	30	22.1	32	27.1	15	25.4	38	25.3	115	24.8		
4	66	48.5	59	50.0	22	37.3	62	41.3	209	45.1		
5	8	5.9	6	5.1	7	11.9	10	6.7	31	6.7		
6+	11	8.1	4	3.4	4	6.8	15	10.0	34	7.3		
TOTAAL	136	100.0	118	100.0	59	100.0	150	100.0	463	100.0		
R. G.	3.68		3.54		3.63		3.67		3.65			

TABEL 8.2
VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS BEROEP VAN MAN

Verwachte kindertal	Beroep										Totaal	
	Professionele en uitvoerende werkers		Klerklike werkers		Vervoer- en dienswerkers		Vakmanne en Produktsiewerkers		G	%		
	G	%	G	%	G	%	G	%				
0	5	3.7	3	2.5	2	3.4	2	1.3	12	2.6		
1	2	1.5	3	2.5	4	6.8	1	0.7	10	2.2		
2	21	15.4	26	22.0	13	22.0	26	17.3	86	18.6		
3	36	26.5	36	30.5	13	22.0	41	27.3	126	27.2		
4	53	39.0	41	34.7	20	33.9	57	38.0	171	36.9		
5	11	8.1	6	5.1	5	8.5	14	9.3	36	7.8		
6+	8	5.9	3	2.5	2	3.4	9	6.0	22	4.8		
TOTAAL	136	100.0	118	100.0	59	100.0	150	100.0	463	100.0		
R. G.	3.44		3.20		3.15		3.55		3.38			

TABEL 8.3

HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS BEROEP VAN MAN

Huidige kindertal	Beroep										Totaal	
	Professionele en uitvoerende werkers		Klerklike werkers		Vervoer- en dienswerkers		Vakmanne en produksie- werkers					
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
15-	0	16	11.8	5	4.2	3	5.1	6	4.0	30	6.5	
	1	24	17.6	30	25.4	12	20.3	21	14.0	87	18.8	
	2	63	46.3	54	45.8	26	44.1	62	41.3	205	44.3	
	3	27	19.9	23	19.5	17	28.8	40	26.7	107	23.1	
	4	6	4.4	4	3.4	1	1.7	17	11.3	28	6.1	
	5	-	-	2	1.7	-	-	3	2.0	5	1.1	
	6	-	-	-	-	-	-	1	0.7	1	0.2	
TOTAAL		136	100.0	118	100.0	59	100.0	150	100.0	463	100.0	
R. G.		1.88		1.97		2.02		2.36		2.08		

tot die genoemde kindertalle is ook in Wes-Duitsland gevind (22, bl. 145).

WERKGESKIEDENIS VAN VROU¹⁾

Tabelle 8.4 tot 8.6 toon ontledings van die begeerde, verwagte en huidige kindertalle volgens die totale tydperk wat die vroue sedert die huwelik gewerk het.

Hoewel geringe fluktusies in die gemiddeldes voorkom, daal die begeerde, verwagte en huidige kindertalle oor die algemeen namate vroue 'n langer werkgeskiedenis het. Die sterkste negatiewe assosiasie word ten opsigte van die huidige kindertal ($r = -.51$) aangetref.

In die Verenigde State het R. Freedman en L. Bumpass (21, bl. 192) ook bevind dat die gemiddelde verwagte kindertal van nie-Katolieke vroue daal namate die tydperk wat hulle na die huwelik gewerk het, toeneem, en kom te staan op 3.07, 2.88 en 2.48 vir vroue wat onderskeidelik glad nie, een tot vier jaar en vyf jaar of langer gewerk het.

Die gemiddelde huidige gesinsgrootte van vroue wat glad nie of slegs vir hoogstens een jaar gewerk het, is meer as twee keer groter as dié van vroue wat minstens vyf jaar gewerk het. Meer as 'n kwart van laasgenoemde groep het nog geen kinders nie en 11.2 persent verwag ook nie om kinders te hê nie.

Die kousale verband tussen die duur van beroepsondervinding sedert die huwelik en gesinsgrootte is kompleks. Dit is sekerlik waar dat vroue, wat as gevolg van ekonomiese of ander oorwegings verkies om te werk of moet werk, deur die gebruikmaking van kontrasepsie-middele hulle gesinsgroottes sal beperk of desnoods sal besluit om geen kinders te hê nie. Daar is egter ook vroue wat, omdat hulle as gevolg van fekunditeits- of ander nie-ekonomiese faktore geen of min kinders kan hê, sal werk omdat hulle huishoudelike verpligtinge van geringe omvang is.

1) Van die 122 werkende vroue is 82 van voorname om nog hoogstens vier jaar te werk, terwyl 40 nog minstens vyf jaar wil werk. Nagenoeg 60 persent van die werkende vroue wil nog 'n sekere tydperk werk omdat hul mans se inkomste, volgens hulle, onvoldoende is. Verder het dit geblyk dat slegs 43 van die 341 nie-werkende vroue van voorname is om binne die volgende vyf jaar te gaan werk. Nagenoeg 'n drie kwart van die 43 vroue beweer dat finansiële omstandighede hulle sal verplig om te gaan werk.

TABEL 8.4

BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS TOTALE TYDPERK DEUR VROU NA DIE HUWELIK GEWERK

Begeerde kindertal	Tydperk gewerk (in jare)												Totaal	
	Het nie ge- werk		Minder as 1		1 - 2		3 - 4		5 en langer					
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
0	-	-	-	-	-	-	-	-	1	1.1	1	0.2		
1	-	-	-	-	-	-	1	1.0	2	2.2	3	0.7		
2	7	7.0	7	10.4	14	12.8	24	24.5	18	20.2	70	15.1		
3	20	20.0	15	22.4	31	28.4	23	23.5	26	29.2	115	24.8		
4	51	51.0	31	46.3	50	45.9	43	43.9	34	38.2	209	45.1		
5	12	12.0	3	4.5	9	8.3	4	4.1	3	3.4	31	6.7		
6+	10	10.0	11	16.4	5	4.6	3	3.1	5	5.6	34	7.3		
TOTAAL	100	100.0	67	100.0	109	100.0	98	100.0	89	100.0	463	100.0		
R. G.	3.99		4.01		3.63		3.35		3.36		3.65			

r = -0.24

TABEL 8.5

VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS TOTALE TYDPERK DEUR VROU NA DIE HUWELIK
GEWERK

Verwagte kindertal	Tydperk gewerk (in jare)												Totaal	
	Het nie ge-werk		Minder as 1		1 - 2		3 - 4		5 en langer		G	%		
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
18	0	1	1.0	-	-	-	1	1.0	10	11.2	12	2.6		
	1	-	-	-	2	1.8	3	3.1	5	5.6	10	2.2		
	2	15	15.0	11	16.4	15	13.8	28	28.6	17	19.1	86	18.6	
	3	26	26.0	15	22.4	37	33.9	25	25.5	23	25.8	126	27.2	
	4	36	36.0	29	43.3	43	39.4	37	37.8	26	29.2	171	36.9	
	5	13	13.0	8	11.9	8	7.3	3	3.1	4	4.5	36	7.8	
	6+	9	9.0	4	6.0	4	3.7	1	1.0	4	4.5	22	4.8	
TOTAAL		100	100.0	67	100.0	109	100.0	98	100.0	89	100.0	463	100.0	
R. G.		3.72		3.70		3.48		3.09		2.94		3.38		

r = -0.26

TABEL 8.6

HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS TOTALE TYDPERK DEUR VROU NA DIE HUWELIK GEWERK

Huidige kindertal	Tydperk gewerk (in jare)										Totaal	
	Het nie gewerk		Minder as 1		1 - 2		3 - 4		5 en langer			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
0	1	1.0	-	-	-	-	5	5.1	24	27.0	30 6.5	
	4	4.0	3	4.5	18	16.5	29	29.6	33	37.1	87 18.8	
	52	52.0	31	46.3	49	45.0	49	50.0	24	27.0	205 44.3	
	27	27.0	24	35.8	36	33.0	14	14.3	6	6.7	107 23.1	
	14	14.0	7	10.4	5	4.6	1	1.0	1	1.1	28 6.1	
	2	2.0	2	3.0	1	0.9	-	-	-	-	5 1.1	
	-	-	-	-	-	-	-	-	1	1.1	1 0.2	
TOTAAL	100	100.0	67	100.0	109	100.0	98	100.0	89	100.0	463 100.0	
R.G.	2.55		2.61		2.28		1.77		1.22		2.08	

r = - 0.51

HOOFSTUK 9

DIE FERTILITEITSVERANDERLIKES ONTLEED VOLGENS INKOMSTE

9.1 INLEIDING

Dat individue hul kindertal sal beperk ooreenkomsdig hul finansiële vermoë om die kinders te onderhou, klink intuitief aanvaarbaar mits veronderstel word dat hulle oor kennis van die metodes en middels van geboortebeperking besik. Tog is dit duidelik dat daar in die verlede in Westerse lande tydens die periode van verstedeliking en industrialisering, 'n omgekeerde verband tussen ekonomiese status en fertilitet bestaan het. Groot gesinne het dus meer voorgekom onder die mindergegoedes en ongeletterdes (18, bl. 197). Daar word egter opgemerk dat verskille in die fertilitet van die laagste en hoogste ekonomiese statusgroepe in sommige lande, waaronder Swede, Brittanje en die Verenigde State van Amerika, besig is om kleiner te word en daar is aanduidings dat die verband tussen fertilitet en inkomste selfs positief word (62, bl. 85; 18, bl. 197). Nogtans, al sou die rol van ekonomiese faktore in die bepaling van die begeerde, verwagte of uiteindelike fertilitet onbelangrik word, kan dit tog nog 'n sterk invloed op die gesinsbouproses uitoefen: Onder andere kan die huweliksouderdom en die tydperke tussen geboortes geraak word.

In hierdie hoofstuk word die begeerde, verwagte en huidige kindertalle met die inkomste van die man en die huishouding se gesamentlike inkomste in verband gebring.

9.2 INKOMSTE VAN MAN

Tabel 9.1 toon 'n konstante daling in die gemiddelde begeerde kindertal al na gelang die inkomste van die man styg. Slegs die gemiddeldes in die inkomstegroepe R3, 000–3, 999 (3.44) en R4, 000 en meer (3.38), is laer as die gemiddelde begeerde kindertal van die totale groep (3.65).

Die gemiddelde verwagte kindertal toon 'n skerp daling (tabel 9.2) vanaf 3.64 vir die groep wat minder as R2, 000 verdien tot 3.05 vir die groep wat tussen R3, 000 en R3, 999 verdien. By die groep wat minstens R4, 000 per jaar verdien, is die gemiddelde egter hoër as vir die vorige kategorieë en kom op 3.28 te staan. Laasgenoemde gemiddelde is egter heelwat laer as dié van die twee groepe met die laagste inkomste.

Wat die gemiddelde huidige kindertal betref, word 'n konstante daling in tabel 9.3 vanaf 2.34 by die laagste inkomstegroepe tot 1.72 by diegene met die hoogste inkomste aangetref. Slegs die gemiddeldes van die twee laagste inkomstegroepe (2.34 en 2.18 onderskeidelik) is hoër as dié van die totale groep (2.08).

By die laer ekonomiese statusgroepe hou fertilitet waarskynlik verband met 'n inkomste wat reeds 'n maksimum bereik het, terwyl dit by die hoër statusgroepe eerder verband met die verwagte toekomstige inkomste het.

9.3 GESAMENTLIKE INKOMSTE

Die gemiddelde begeerde, verwagte en huidige kindertalle toon deurgaans 'n daling namate die gesamentlike gesinsinkomste styg. Die gemiddelde begeerde kindertal daal vanaf 4.02 by die laagste inkomstegroepe (minder as R2, 000) tot 3.33 by diegene wat R5000 en meer per jaar verdien. Die gemiddelde verwagte en huidige kindertalle toon onderskeidelik dalings vanaf 3.73 tot 2.90 en 2.60 tot 1.39 ten opsigte van die onderskeie inkomstegroepe. Die gemiddelde syfers met betrekking tot die verskillende kindertalle vir egsparre wat minstens R3, 000 per jaar verdien, is konsekwent laer as die ooreenstemmende syfers by diegene wat minder as R3, 000 verdien asook dié van die totale groep.

Die verband tussen gesinsinkomste en die fertilitetsveranderlikes is duideliker as dié tussen die inkomste van die man en die afhanklike veranderlikes. Dit moet waarskynlik nie soseer aan die gesinsinkomste as sodanig nie, maar aan die invloed van die beroepsposisie van die vrou toegeskryf word. In hoofstuk 8 het dit ook geblyk dat vroue met 'n langer werkgeschiedenis minder kinders begeer, verwag om te hé, en het, as diegene wat glad nie of vir 'n baie kort tydperk na die huwelik gewerk het.

In hoofstuk twee is gemeld dat professionele en uitvoerende werkers relatief gesproke

TABEL 9.1
BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS INKOMSTE VAN MAN

Begeerde kindertal	Inkomste (per jaar)												Totaal	
	Minder as R2,000		R2,000-R2,999		R3,000-R3,999		R4,000 +		Weet nie					
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
0	-	-	-	-	1	0.9	-	-	-	-	1	0.2		
1	-	-	2	0.9	1	0.9	-	-	-	-	3	0.7		
2	8	10.4	32	14.2	21	19.1	9	19.1	-	-	70	15.1		
3	23	29.9	57	25.2	27	24.6	8	17.0	-	-	115	24.8		
4	28	36.4	104	46.0	50	45.5	25	53.2	2	66.7	209	45.1		
5	10	13.0	12	5.3	6	5.5	3	6.4	-	-	31	6.7		
6+	8	10.4	19	8.4	4	3.6	2	4.3	1	33.3	34	7.4		
TOTAAL	77	100.0	226	100.0	110	100.0	47	100.0	3	100.0	463	100.0		
R. G.		3.87		3.68		3.44		3.38		-		3.65		

$r = -0.08$

TABEL 9.2
VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS INKOMSTE VAN MAN

Verwagte kindertal	Inkomste (per jaar)										Totaal	
	Minder as R2, 000		R2, 000-R2, 999		R3, 000-R3, 999		R4, 000 +		Weet nie			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
-62-	0	-	-	6	2.7	4	3.6	2	4.3	-	-	12 2.6
	1	1	1.3	5	2.2	3	2.7	1	2.1	-	-	10 2.2
	2	12	15.6	35	15.5	28	25.5	9	19.2	2	66.7	86 18.6
	3	23	29.9	60	26.6	31	28.2	11	23.4	1	33.3	126 27.2
	4	26	33.8	88	38.9	38	34.6	19	40.4	-	-	171 36.9
	5	11	14.3	17	7.5	4	3.6	4	8.5	-	-	36 7.8
	6+	4	5.2	15	6.6	2	1.8	1	2.1	-	-	22 4.8
TOTAAL		77	100.0	226	100.0	110	100.0	47	100.0	3	100.0	463 100.0
R. G.		3.64		3.48		3.05		3.28		-		3.38

r = - 0.13

TABEL 9.3
HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS INKOMSTE VAN MAN

Huidige kindertal	Inkomste (per jaar)										Totaal	
	Minder as R2, 000		R2, 000-R2, 999		R3, 000-R3, 999		R4, 000 +		Weet nie			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
0	4	5.2	11	4.9	9	8.2	6	12.8	-	-	30 6.5	
	8	10.4	45	19.9	24	21.8	9	19.2	1	33.3	87 18.8	
	33	42.9	92	40.7	54	49.1	25	53.2	1	33.3	205 44.3	
	25	32.5	53	23.5	22	20.0	6	12.8	1	33.3	107 23.1	
	5	6.5	21	9.3	1	0.9	1	2.1	-	-	28 6.1	
	1	1.3	4	1.8	-	-	-	-	-	-	5 1.1	
	1	1.3	-	-	-	-	-	-	-	-	1 0.2	
TOTAAL	77	100.0	226	100.0	110	100.0	47	100.0	3	100.0	463 100.0	
R. G.	2.34		2.18		1.84		1.72		-		2.08	

r = - 0.20

meer dikwels in woonstelle as in die steekproef voorkom, dat hul mediaangesinsinkomste verreweg die hoogste is en dat relatief meer werkende vroue in woonstelle aangetref is. Ook is gewys op die verband tussen huwelisksouderdom, onderwyspeil en beroep en gevoglik moet daar ook met hierdie omstandighede rekening gehou word in hierdie verband.

9.4

GEVOEL VAN FINANSIELLE SEKURITEIT

Die houding van 'n persoon insake sy ekonomiese posisie berus nie altyd op gesinsinkomste as sodanig nie. Persone in die hoogste inkomstegroep het dan ook dikwels hul finansiële posisie as redelik en selfs swak aangedui, terwyl persone met 'n betreklik geringe inkomste hul posisie dikwels as redelik of selfs as goed bestempel het.

Onderskeidelik 2.2, 31.3, 59.6 en 6.5 persent van die vroue is van mening dat hul finansiële posisie baie goed, goed, redelik of swak is. Twee gevalle kon of wou geen oordeel vel nie.

Die begeerde kindertal kom op 'n gemiddeld van 3.90 by die groep wat „swak" aangedui het, 3.74 by die groep wat „redelik" aangedui het, 3.51 by diegene wat „goed" aangedui het en 3.60 by die groep wat „baie goed" aangedui het, te staan. Die gemiddelde begeerde kindertalle is dus ietwat laer by diegene wat, volgens hulle, in 'n gunstige finansiële posisie verkeer.

Nagenoeg dieselfde tendens word met betrekking tot die verwagte kindertalle aangetref, hoewel die laagste gemiddelde by diegene wat „baie goed" aangedui het, voorkom. Gerangskik vanaf die groepe „swak" tot „baie goed", kom die gemiddeldes op respektiewelik 3.57, 3.45, 3.21 en 3.20 te staan.

In bogenoemde volgorde is die gemiddelde huidige kindertalle op 2.43, 2.17, 1.84 en 1.90 bereken.

Persone wat dus, volgens hulle eie subjektiewe mening, in moeilike of ietwat moeilike finansiële omstandighede verkeer, het oor die algemeen meer kinders as ander, verwag om meer te hê en begeer ook meer. Dieselfde geld as meer objektiewe maatstawwe, naamlik die inkomste van die man en die gesamentlike gesinsinkomste, toegepas word.

Sowat 'n drie kwart van die vroue het verder gemeld dat hulle in staat sal wees om minstens een verdere kind op hul mans se huidige inkomste groot te maak.

HOOFSTUK 10

DIE FERTILITEITSVERANDERLIKES ONTLEED VOLGENS KINDERTAL IN DIE OUERHUIS EN HERKOMS

10.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die fertilitetsveranderlikes met die kindertal in die ouerhuis van die vrou sowel as die gesamentlike ouerlike gesinsgrootte en die plek van herkoms met betrekking tot die vrou, in verband gebring.

10.2 KINDERTAL IN OUERHUIS VAN VROU

Tabel 10.1 toon dat slegs in die geval van vroue uit ouerhuise met hoogstens twee kinders, die persentasie wat minder as vier kinders begeer, groter is as die persentasie wat vier as die begeerde kindertal aangedui het.

Die gemiddelde begeerde kindertal van bogenoemde vroue, sowel as vroue met ouers wat drie of vier kinders gehad het, is die laagste en kom in albei gevalle op 3.56 te staan. Algaande die kindertal in die ouerhuis toeneem, word 'n geringe styging in die gemiddelde begeerde kindertal opgemerk.

Nagenoeg dieselfde tendense as dié hierbo, word aangetref wanneer die verwagte en huidige kindertalle volgens die kindertal in die ouerhuis ontleed word. Tabel 10.2 toon egter dat die gemiddelde verwagte kindertal ietwat laer is by vroue wat uit ouerhuise kom met minstens nege kinders as dié uit ouerhuise met van sewe tot agt kinders, terwyl tabel 10.3 aantoon dat die gemiddelde huidige kindertalle van die genoemde groepes presies dieselfde is.

Benewens die feit dat die gesin van hul ouers as referensiegroep vir die vroue kan dien wat hul eie gesinsgrootte betref, moet daar ook, in hierdie verband, met die invloed van ander faktore rekening gehou word. In hoofstuk 2 is daar gewys op 'n redelike sterk verband tussen die onderwyspeil van die vrou en die grootte van die gesin waarin sy opgegroei het. Onderwyspeil (selfs van die vrou) toon 'n sterk verband met die sosio-ekonomiese posisie van die gesin en, soos in hoofstukke 8 en 9 aangedui, kom verskille in die begeerde, verwagte en huidige kindertalle tussen verskillende beroeps- en inkomstegroepe voor. Hierbenewens trou vroue afkomstig uit groot gesinne oor die algemeen vroeër as dié uit kleiner gesinne. Ook die huwelikssouderdom het blykbaar 'n invloed op die gesinsgrootte en houdings daaromtrent (kyk hoofstuk 4).

Daar is deur ander ondersoekers bevind dat die fertilitet van die vrou beïnvloed word deur die grootte van die gesin waarin sy opgegroei het. In hierdie verband word soos volg in 'n publikasie van die Verenigde Volke berig: „Whatever the cause of the relationship observed, it appears that the family size of parents exerts a definite, although small, differentiating effect on fertility" (62, bl. 90).

In 'n resente ondersoek wat H. J. Heeren en H. G. Moors in Utrecht, Nederland, uitgevoer het, blyk dit egter dat daar „geen relatie te bespeuren tussen de grootte van het ouderlijk gezin en het eigen kindertal" was nie (30, bl. 219).

10.3 KINDERTAL IN OUERHUIS VAN MAN EN VROU

Indien die grootte van die ouerlike gesinne van sowel die vroue as mans in kombinasie (byvoorbeeld „albei groot" of „albei klein")¹⁾ met die begeerde, verwagte en huidige kindertalle in verband gebring word, blyk dit dat waar albei uit groot gesinne afkomstig is, die grootste gemiddelde verwagte (3.53) en huidige kindertalle (2.14) aangetref word. Geen opvallende verskille kom egter voor nie aangesien die ooreenstemmende syfers met betrekking tot pare wat albei uit klein gesinne kom, nie veel laer is nie (respektiewelik 3.25 en 1.94).

Dit kom as vreemd voor dat die klein groepie egpare, 16 in getal, waar sowel die vrou as die man uit klein gesinne kom, die hoogste gemiddelde begeerde kindertal het (3.75 teenoor 3.71 by diegene waar albei uit groot gesinne kom).

¹⁾ Klein: 1-2 kinders; gemiddeld: 3-4 kinders; groot: 5 of meer kinders.

TABEL 10.1

BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS KINDERTAL IN OUERHUIS VAN VROU

Begeerde kindertal	Kindertal in ouerhuis van vrou										Totaal	
	1 - 2		3 - 4		5 - 6		7 - 8		9 +			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
0	-	-	1	0.7	-	-	-	-	-	-	1 0.2	
1	-	-	2	1.3	1	0.8	-	-	-	-	3 0.7	
2	13	18.6	24	16.1	16	12.3	11	18.0	6	11.3	70 15.1	
3	20	28.6	39	26.2	34	26.2	11	18.0	11	20.8	115 24.8	
4	28	40.0	66	44.3	63	48.5	25	41.0	27	50.9	209 45.1	
5	4	5.7	5	3.4	11	8.5	8	13.1	3	5.7	31 6.7	
6+	5	7.1	12	8.1	5	3.8	6	9.8	6	11.3	34 7.4	
TOTAAL	70	100.0	149	100.0	130	100.0	61	100.0	53	100.0	463 100.0	
R. G.	3.56		3.56		3.63		3.79		3.94		3.65	

R = 0.15

TABEL 10.2
VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS KINDERTAL IN OUERHUIS VAN VROU

Verwachte kindertal	Kindertal in ouerhuis van vrou										Totaal	
	1 - 2		3 - 4		5 - 6		7 - 8		9 +			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
0	2	2.9	7	4.7	1	0.8	1	1.6	1	1.9	12 2.6	
1	2	2.9	4	2.7	2	1.5	2	3.3	-	-	10 2.2	
2	19	27.1	25	16.8	23	17.7	11	18.0	8	15.1	86 18.6	
3	18	25.7	40	26.8	41	31.5	14	23.0	13	24.5	126 27.2	
4	23	32.9	58	38.9	49	37.7	17	27.9	24	45.3	171 36.9	
5	5	7.1	7	4.7	10	7.7	11	18.0	3	5.7	36 7.8	
6+	1	1.4	8	5.4	4	3.1	5	8.2	4	7.5	22 4.8	
TOTAAL	70	100.0	149	100.0	130	100.0	61	100.0	53	100.0	463 100.0	
R. G.	3.10		3.30		3.39		3.64		3.62		3.38	

$r = 0.14$

TABEL 10.3
HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS KINDERTAL IN OERHUIS VAN VROU

Huidige kindertal	Kindertal in ouerhuis van vrou										Totaal		
	1 - 2		3 - 4		5 - 6		7 - 8		9 +				
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	
1	8	11.4	10	6.7	7	5.4	3	4.9	2	3.8	30	6.5	
	11	15.7	27	18.1	23	17.7	16	26.2	10	18.9	87	18.8	
	35	50.0	73	49.0	63	48.5	16	26.2	18	34.0	205	44.3	
	12	17.1	29	19.5	31	23.9	16	26.2	19	35.8	107	23.1	
	3	4.3	9	6.0	5	3.9	8	13.1	3	5.7	28	6.1	
	1	1.4	-	-	1	0.8	2	3.3	1	1.9	5	1.1	
	-	-	1	0.7	-	-	-	-	-	-	1	0.2	
TOTAAL		70	100.0	149	100.0	130	100.0	61	100.0	53	100.0	463	100.0
R. G.		1.91		2.03		2.05		2.26		2.26		2.08	

r = 0.13

Daar moet egter nie besondere betekenis aan hierdie bevinding geheg word nie aangesien hierdie groepie se gemiddelde verwagte sowel as huidige kindertalle laer is as by egpare waar sowel die man as die vrou uit groot gesinne of gesinne van gemiddelde grootte afkomstig is.

Waar die man se ouerlike gesinsgrootte in 'n hoër kategorie as dié van die vrou val, is die gemiddelde begeerde, verwagte en huidige kindertalle ietwat laer as waar die omgekeerde die geval is.

10. 4 HERKOMS

Die gemiddelde begeerde en verwagte kindertalle van vroue wat onderskeidelik in stede, dorpe en op plase tot hul agtende lewensjaar woonagtig was, toon weinig verskille. Die laagste gemiddelde begeerde kindertal (3.56) kom voor by vroue wat van dorpe afkomstig is, terwyl diegene wat in stede (3.69) en op plase (3.71) opgegroei het, se gemiddelde begeerde getalle nagenoeg ooreenstem.

Wat die gemiddelde verwagte kindertalle betref, toon die syfers vir diegene wat van stede (3.37), dorpe (3.39) en plase (3.38) afkomstig is, so te sê geen verskil nie.

Indien die herkoms van die vrou tesame met dié van haar man in oënskou geneem word, blyk dit dat die gemiddelde verwagte kindertal van vroue wat van plase (3.37) afkomstig is, maar hulle mans nie, ietwat laer is as by vroue (3.43) waar die teenoorgestelde geld. Waar die vrou sowel as die man van 'n plaas afkomstig is, is die gemiddelde verwagte kindertal (3.39) effens hoër as by eersgenoemde groep hierbo en laer as by laasgenoemde groep.

Die bevinding van Freedman, Whelpton en Campbell met betrekking tot hul ondersoek in die Verenigde State, naamlik dat: „Where both husband and wife have had some farm experience, expected fertility is higher than if only one partner has ever lived on a farm“ (19, bl. 315), geld in hierdie ondersoekgroep slegs ten opsigte van egpare van wie slegs die vroue van plase afkomstig is.

'n Groter variasie word by die gemiddelde huidige kindertalle aangetref. Die grootste gemiddelde (2.20) kom voor by vroue wat in stede opgegroei het, gevvolg deur diegene (2.05) van plase afkomstig, terwyl die laagste syfer (1.95) voorkom by vroue wat van dorpe afkomstig is.

HOOFSTUK 11

SPASIëRING VAN DIE GEBOORTES

11.1 INLEIDING

Die aantal kinders wat gebore is en die verspreiding van geboortes is twee fundamentele aspekte van die reproduktiewe gedrag van 'n egpaar. Die tydperke tussen geboortes kan deur die vrou se begeerde kindertal beïnvloed word, terwyl fisiologiese, sosiale en ekonomiese faktore ook 'n rol in die spasiëring van die geboortes speel.

Na aanleiding van 'n vraag of elke geboorte vroeër, later of min of meer op die tydstip was soos wat beplan is, het die meeste vroue aangedui dat die geboortes van hul kinders volgens beplanning geskied het, terwyl die tweede grootste groep beweer het dat die geboorte(s) vroeër was as wat hulle dit sou gehad het.

Met betrekking tot die verskillende geboorte-intervalle moes die vroue ook 'n rede verstrekkend waarom die tydsverloop langer as 18 maande in die geval van die eerste interval en langer as 24 maande vir die daaropvolgende intervalle was. Die grootste enkele persentasie vroue (30.5%) van wie die eerste kind eers ná verloop van 18 maande gebore is, het beweer dat hulle finansieel eers op die been wou kom of finansiële probleme wou oplos. Die grootste enkele persentasie (24.6%) vroue wie se tweede kind minstens 24 maande ná die eerste een gebore is, het aangedui dat hulle nie vroeër swanger kon raak nie. Nagenoeg 'n kwart van die vroue wat 'n derde kind minstens 24 maande ná die tweede gehad het, wou die ander kinders eers uit die hande hê om aan elkeen genoeg aandag te kan gee.

11.2 BEGEERDE, VERWAGTE EN HUIDIGE KINDERTALLE VOLGENS DIE TYDPERK TUSSEN HUWELIK EN EERSTE GEBOORTE

Tabelle 11.1, 11.2 en 11.3 toon onderskeidelik ontledings van die begeerde, verwagte en huidige kindertalle volgens die tydperk tussen die huwelik en die eerste geboorte aan.

Ten opsigte van al drie kindertalle word 'n duidelike negatiewe verband met die tydperk tussen huwelik en eerste geboorte aangetref. Hoe kleiner die begeerde, verwagte en huidige kindertalle, hoe langer is die tydperk tussen huwelik en eerste geboorte. Die sterkste verband kom by die huidige en die swakste by die begeerde kindertal voor.

Die grootste gemiddelde begeerde kindertal (4.05) word aangetref in die geval van vroue by wie konsepsie hoogswaarskynlik voor die huwelik plaasgevind het en dié syfer daal namate die tydperk tussen die huwelik en die eerste geboorte toeneem tot 'n gemiddelde van 3.44 by vroue wat hul eerste kind 18 tot 23 maande na die huwelik gehad het. Die gemiddelde styg tot 3.58 en daal tot 3.32 by vroue wat hul eerste kind onderskeidelik na 24 tot 29 en 30 tot 35 maande gehad het. 'n Opvallende hoë gemiddelde (3.81) kom voor by vroue van wie die tydperk 36 tot 41 maande was, terwyl 'n skerp daling tot 3.42 aangetref word waar die tydperk op minstens 42 maande te staan kom.

Wat die gemiddelde verwagte en huidige kindertalle betref, is daar 'n konstante daling in die gemiddelde namate die tydperk langer is, met die uitsondering van 'n styling by vroue wat 36 tot 41 maande na die huwelik aan hul eerste kind geboorte geskenk het. Hierdie „versteuring“ in die tendens kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hierdie groepie baie klein is (16 respondente).

11.3 TWEEDE INTERVAL ONTLEED VOLGENS EERSTE INTERVAL

Volgens tabel 11.4 is daar slegs van 'n geringe verband tussen die lengte van die eerste en tweede geboorte-intervalle sprake. Hoewel daar hoegenaamd nie sprake van 'n konsekwente daling in die lengte (mediaan) van die tweede interval is al na gelang die eerste interval langer word nie, wil dit tog voorkom asof die lengte van die tweede interval ietwat korter is by diegene wat eers 18 maande na die huwelik geboorte aan 'n eersteling gegee het as by diegene wat binne die eerste 18 maande na die huwelik 'n baba gehad het.

TABEL 11.1
BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS TYDPERK TUSSEN HUWELIK EN EERSTE GEBOORTE

Begeerde kindertal	Tydperk (in maande)												Totaal					
	Minder as 6		6 - 11		12 - 17		18 - 23		24 - 29		30 - 35		36 - 41		42 en langer			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
1	1	-	1	0.9	1	1.1	-	-	-	-	-	-	-	-	1	1.6		
	2	2	9.1	10	9.2	16	16.8	10	16.4	4	11.1	7	22.6	2	12.5	14	22.2	
	3	5	22.7	22	20.2	22	23.2	18	29.5	12	33.3	10	32.3	2	12.5	17	27.0	
	4	9	40.9	56	51.4	39	41.1	30	49.2	17	47.2	12	38.7	10	62.5	23	36.5	
	5	3	13.6	10	9.2	6	6.3	2	3.3	1	2.8	1	3.2	1	6.3	4	6.3	
	6+	3	13.6	10	9.2	11	11.6	1	1.6	2	5.6	1	3.2	1	6.3	4	6.3	
TOTAAL		22	100.0	109	100.0	95	100.0	61	100.0	36	100.0	31	100.0	16	100.0	63	100.0	
R. G.		4.05		3.88		3.75		3.44		3.58		3.32		3.81		3.43		3.67

$r = -0.16$

TABEL 11.2
VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS TYDPERK TUSSEN HUWELIK EN EERSTE GEBOORTE

Verwagte kindertal	Tydperk (in maande)														Totaal		
	Minder as 6		6 - 11		12 - 17		18 - 23		24 - 29		30 - 35		36 - 41		42 en langer		
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G
1	-	-	4	3.7	-	-	1	1.6	-	-	2	6.5	-	-	3	4.8	10 2.3
2	2	9.1	11	10.1	19	20.0	10	16.4	9	25.0	8	25.8	3	18.8	22	34.9	84 19.4
3	5	22.7	30	27.5	23	24.2	20	32.8	11	30.6	11	35.5	2	12.5	18	28.6	120 27.7
4	8	36.4	43	39.4	37	38.9	27	44.3	14	38.9	9	29.0	10	62.5	15	23.8	163 37.6
5	4	18.2	13	11.9	8	8.4	1	1.6	2	5.6	1	3.2	1	6.3	4	6.3	34 7.9
6+	3	13.6	8	7.3	8	8.4	2	3.3	-	-	-	-	-	-	1	1.6	22 5.1
TOTAAL	22	100.0	109	100.0	95	100.0	61	100.0	36	100.0	31	100.0	16	100.0	63	100.0	433 100.0
R. G.	4.05		3.70		3.64		3.43		3.25		2.97		3.56		2.97		3.46

r = - 0.24

TABEL 11.3

HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS TYDPERK TUSSEN HUWELIK EN EERSTE GEBOORTE

Huidige kindertal	Tydperk (in maande)														Totaal			
	Minder as 6		6 - 11		12 - 17		18 - 23		24 - 29		30 - 35		36 - 41		42 en langer			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	
1	-	-	7	6.4	9	9.5	8	13.1	8	22.2	10	32.3	5	31.3	40	63.5	87	20.1
2	7	31.8	46	42.2	52	54.7	30	49.2	23	63.9	16	51.6	8	50.0	23	36.5	205	47.3
3	7	31.8	39	35.8	27	28.4	21	34.4	5	13.9	5	16.1	3	18.8	-	-	107	24.7
4	6	27.3	15	13.8	5	5.3	2	3.3	-	-	-	-	-	-	-	-	28	6.5
5	2	9.1	2	1.8	1	1.1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	5	1.2
6+	-	-	-	-	1	1.1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	0.2
TOTAAL	22	100.0	109	100.0	95	100.0	61	100.0	36	100.0	31	100.0	16	100.0	63	100.0	433	100.0
R. G.	3.14		2.62		2.37		2.28		1.92		1.84		1.88		1.37		2.22	

r = - 0.51

TABEL 11.4

TYDPERK TUSSEN EERSTE EN TWEEDE GEBOORTES VOLGENS TYDPERK TUSSEN HUWELIK EN EERSTE GEBOORTE

Tweede interval (in maande)	Eerste interval (in maande)										Totaal	
	Tot 11		12 - 17		18 - 23		24 en langer					
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
Tot 17	36	29.0	18	20.9	13	24.5	23	27.7	90	26.0		
18 - 23	23	18.5	13	15.1	21	39.6	18	21.7	75	21.7		
24 - 29	16	12.9	15	17.4	3	5.7	12	14.5	46	13.3		
30 - 35	15	12.1	11	12.8	7	13.2	11	13.3	44	12.7		
36 en langer	34	27.4	29	33.7	9	17.0	19	22.9	91	26.3		
TOTAAL	124	100.0	86	100.0	53	100.0	83	100.0	346	100.0		
Mediaan (Tweede interval)	25.1		28.8		21.9		24.3		25.0			

r = - 0.09

**ENKELE ONAFHANKLIKE VERANDERLIKES VOLGENS DIE MEDIAANTYDPERKE
VAN DIE EERSTE DRIE GEBOORTE-INTERVALLE**

In tabelle 11.5, 11.6 en 11.7 word onderskeidelik die huwelisksouderdom van die vrou, haar onderwyspeil en die beroep van die man volgens die mediaantydperke in elke interval aangetoon.

Tabel 11.5 toon eerstens dat die tydsverloop tussen huwelik en eerste bevalling by die totale en in alle subgroepe korter is as dié tussen die geboorte van die eerste en tweede kinders. Gevalle waar konsepsie voor die huwelik plaasgevind het, is gedeeltelik hiervoor verantwoordelik. Die lengtes van die tweede en derde intervalle verskil nie noemenswaardig by die totale groep nie.

TABEL 11.5
**HUWELIKSOUDERDOM VAN VROU VOLGENS DIE MEDIAANTYDPERKE
VAN DIE EERSTE DRIE GEBOORTE-INTERVALLE**

Huweliks- ouderdom (in jare)	Mediaantyelperk (maande)		
	Eerste interval	Tweede interval	Derde interval
17 - 18	13.6	25.5	21.0
19 - 20	17.4	23.2	24.3
21 - 22	19.7	26.4	26.6
23 - 24	16.8	28.5	24.0
25 en ouer	19.8	25.0	17.0
TOTAAL	17.4	25.0	23.9
N	433	346	141

Indien vroue wat op 23- tot 24-jarige leeftyd in die huwelik getree het, buite rekening gelaat word, word 'n stygende tendens ten opsigte van huwelisksouderdom en die duur van die eerste interval aangetref. Ten opsigte van die tweede interval word 'n stygende tendens by diegene aangetref wie se huwelisksouderdom 19 tot 24 jaar is, terwyl die mediaantyelperke met betrekking tot die jongste en die hoogste huwelisksouderdomgroepe nagenoeg ooreenstem. Namate die huwelisksouderdom tot by 21 tot 22 jaar toeneem, neem die lengte van die derde interval toe, maar daal dan weer skerp totdat 'n lae mediaan van slegs 17.0 maande voorkom by diegene wat eers na hul 24ste jaar getroud is.

Dit is in elk geval duidelik dat 'n jeugdige huwelisksouderdom meermale met 'n kort eerste interval gepaard gaan as 'n huwelik op 'n latere leeftyd.

Omdat die twee groepe (vroue wat op 17- tot 18 en op 23- tot 24-jarige leeftyd getroud is) met die kortste eerste interval, van die langste tweede intervalle het, wil dit voorkom asof daar 'n mate van steun vir die hipotese van Heeren en Moors is wat lui: "Laat het eerste kind lang op zich wachten, dan wenst men het tweede wat vlugger; en omgekeerd". Hierdie hipotese is dan ook inderdaad deur hulle bevestig: „Slechts 25% van de vrouwen, wier eerste kind binnen één jaar na het huwelik was geboren, had een tweede geboorteinterval van minder dan anderhalf jaar. Omgekeerd kreeg 48% van die vrouwen wier eerste kind na meer dan een jaar kwam, het tweede binnen anderhalf jaar" (30, bl. 213).

'n Direkte vergelyking tussen die lengte van die eerste en tweede intervalle toon egter dat die hipotese in sy oorspronklike vorm ten opsigte van die ondersoekgroep, verworp moet word. Van die vroue wat hul eerste kind binne 'n jaar na die huwelik gehad het en wel een of meer verdere kinders gehad het, het 29.0 persent (kyk tabel 11.4) geboorte aan 'n tweede binne agtien maande na die eerste geskenk. By vroue wat eers na verloop van minstens 'n jaar na hul huwelik 'n eerste kind gehad het, kom die ooreenstemmende persentasie op slegs 24.3 persent te staan.

TABEL 11.6

**ONDERWYSPEIL VAN VROU VOLGENS DIE MEDIAANTYDPERKE VAN DIE EERSTE
DRIE GEBOORTE-INTERVALLE**

Onderwys-peil	Mediaantyelperk (maande)		
	Eerste interval	Tweede interval	Derde interval
Tot st. 7	13.2	20.7	23.0
St. 8 of 9	17.2	26.2	23.2
St. 10	20.0	24.9	24.6
St. 10 + 1 of 2 j.	22.4	23.0	29.0
St. 10 + 3 j.	17.7	25.0	22.5
St. 10 + 4 j. of meer	16.5	31.0	23.0
TOTAAL	17.4	25.0	23.9

Tabel 11.6 toon dat die lengte van die eerste interval aanvanklik toeneem algaande die onderwyspeil van die vrou hoër word, 'n hoogtepunt bereik by diegene wat oor 'n standerd tien-sertifikaat en een of twee jaar verdere opleiding beskik, en daarna weer daal. Geen tendens word met betrekking tot die duur van die tweede interval bespeur nie, en wat die derde interval betref, moet volstaan word met die opmerking dat die interval by die middel-groepe (wat onderwyspeil betref) die langste is.

Weer word bemerk dat die groep met die kortste eerste interval, ook die kortste tweede geboorte-interval het. Dit val egter weer op dat dié groep met die tweede en derde kortste eerste intervalle, die twee langste tweede intervalle het.

Onderstaande tabel toon die grootte van die intervalle by die vier beroepsklassie.

TABEL 11.7

**BEROEP VAN MAN VOLGENS DIE MEDIAANTYDPERKE VAN DIE EERSTE DRIE
GEBOORTE-INTERVALLE**

Beroep	Mediaantyelperk (maande)		
	Eerste interval	Tweede interval	Derde interval
Professionele en uitvoerende werkers	18.7	25.4	28.1
Klerklike werkers	19.8	25.9	21.0
Vervoer- en diens-werkers	15.5	27.0	21.8
Vaknanne en produksiewerkers	16.1	23.9	24.5
TOTAAL	17.4	25.0	23.9

By vroue van professionele en uitvoerende werkers is die eerste en derde intervalle opvallend lank, en die tweede op twee na die kortste. By vroue van vervoer- en dienswerkers word die kortste eerste en die langste tweede intervalle opgemerk.

Uit voorgaande wil dit voorkom asof die vermelde hipotese van Heeren en Moors wel vir sekere kategorieë geld.

HOOFSTUK 12

SAMEVATTING

12.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n kort samevatting van die belangrikste bevindinge gegee, terwyl die faktore wat tot differensiële fertilititeit aanleiding gee, in 'n breër verband toegelig word.

Hoewel sommige van die tendense ten opsigte van sekere onafhanklike veranderlikes baie gering is en sekere verskille in fertilitetsveranderlikes nie noemenswaardig groot is nie, moet dit in gedagte gehou word dat die vroue wat in hierdie ondersoek betrek is, 'n hoogs geselekteerde groep ten opsigte van huweliksduur, huistaal, godsdiens en woonplek (slegs die stedelike gebied van Pretoria) is, en dat hierdie seleksie tot nivellering van baie verskille waaronder ook fertilitetsverskille, aanleiding sal gee.

12.2 FERTILITEITSVERANDERLIKES

Die meeste vroue beskou 'n gesin van twee tot vier kinders as die ideale getal vir egsare wat in 'n stad woon. Die oorgrote meerderheid vroue begeer en verwag ook om twee tot vier kinders te hê. Hierdie beskouing ten opsigte van gesinsgrootte stem ooreen met dié wat deur ondersoekers in die Verenigde State aan die lig gebring is (66, bl. 232). Die voorkeur vir hierdie gesinsgroottes geld feitlik deurgaans ten opsigte van alle sosio-ekonomiese veranderlikes.

Veral twee faktore, naamlik fekunditeitsgebreke by sekere egsare en doelbewuste gesinsbeperking by ander op grond van besondere ekonomiese oorwegings, gesondheidsredes ensovoorts, gee daar toe aanleiding dat die gemiddelde verwagte gesinsgrootte (3.38) soveel laer as die begeerde (3.65) is.

Van die groot verspreiding in die huidige kindertal van die egsare kan afgelei word dat gesinsbeperking reeds tot op hierdie stadium van die huwelikslewe deur baie egsare toegepas is. Die grootste enkele persentasie vroue (44.3%) het twee kinders, terwyl 6.5 persent nog geen kinders het nie en een vrou reeds ses kinders in die wêreld gebring het. Terloops kan vermeld word dat die totale huidige kindertal op 961 te staan kom, van wie meer as 80 persent eerste of tweede kinders is.

Hoewel die gemiddelde getal kinders wat deur die mans begeer word, ietwat laer as dié van hul vroue is, is daar 'n hoë korrelasie ($r= 0.69$) tussen egliese se begeertes ten opsigte van gesinsgrootte. Hierdie bevinding stem ooreen met dié van oorsese ondersoekers (66, bl. 236; 30, bl. 215).

Net meer as 'n kwart van die vroue (124 in getal) beskou hul gesinne alreeds as voltooid. Die gemiddelde huidige kindertal van laasgenoemde groep vroue is aansienlik hoër as dié van die totale groep, naamlik 2.53¹⁾ teenoor slegs 2.08 (kyk ook paragraaf 12.3).

Aan die vroue is gevra waarom hulle huis 'n besondere gesinsgrootte begeer. Om 'n afdoende antwoord ten opsigte van die aantal kinders wat begeer word te kan verstrek, moet beslis deeglik nagedink word en sal die eksterne omstandighede en persoonlikheidseienskappe onder andere, sekerlik goed in gedagte gehou moet word. Die merendeel respondentie kon egter geen bevredigende redes vir hul fertilitetsbegeertes verstrek nie. Dit kan ook nie deurgaans aanvaar word dat diegene wat wel aanneemlike antwoorde verstrek het, dit nie dalk slegs op grond van die sosiale aanvaarbaarheid daarvan verstrek het nie. Net een uit elke vyf vroue het redes met betrekking tot die uitgawes verbonden aan die grootmaak van kinders aangedui, terwyl 'n klein groepie vroue gesondheidsredes of fekunditeitsgebreke as verklaring vir hul begeerde kindertal aangebied het. Die res van die vroue het 'n groot verskeidenheid van ondeurdagte en ongemotiveerde antwoorde verskaf. Hierdie gebrek

1)

Bereken op 'n totaal van 112 respondentie. 'n Bykomende 12 vroue het geen kinders nie en verwag ook om nie kinders te hê nie. Laasgenoemde 12 respondentie is nie in die berekening ingesluit nie.

aan grondige redes ten opsigte van die begeerde kindertal by die meeste vroue laat die vraag ontstaan of die begeerte om twee tot vier kinders te hê, nie al in so 'n mate deel van die Afrikaner se kultuur geword het nie dat die keuse sonder meer as die „normale“ of „regte“ gedragswyse (of selfs die mode) beskou word nie.

Verder blyk dit dat ongeveer die helfte van die vroue wat verwag om minder kinders as die begeerde getal te hê, redes met betrekking tot gesondheid of fekunditeit - fisiologiese faktore - aandui. Die res voer 'n verskeidenheid redes aan wat in baie gevalle nie só belangrik blyk te wees om as belemmerende faktore te dien nie.

12.3 OUDERDOM

Die onderskeie fertilitetsveranderlikes toon 'n redelike verband met die huwelisksouderdom van die vroue. Namate huwelisksouderdom toeneem, daal die begeerde, verwagte en huidige kindertalle. Ten opsigte van die huidige kindertal word die sterkste tendens waargeneem.

Aangesien huwelisksduur konstant gehou is, moet die verklaring vir hierdie tendense elders gesoek word. Volgens ontledings in hoofstuk 2 het dit geblyk dat sosio-ekonomiese status 'n direkte verband met huwelisksouderdom toon. Daar kan aanvaar word dat dit nie soseer huwelisksouderdom is wat fertilitet beïnvloed nie, maar wel dat sosio-ekonomiese faktore die huwelisksouderdom en fertilitet gesamentlik beïnvloed.

Die mediaanouderdom waarop dié groep vroue (112) wat hulle gesinne as voltooid beskou, hul laaste kind gehad het, kom op 26.4 jaar te staan. Die mediaanouderdom waarop vroue met onvoltooide fertilitet (339) hul laaste kind wil hê, is op 32.9 jaar bereken. By die meeste vroue bestaan dus die begeerte om hul gesinne op 'n betreklik jeugdige leeftyd te voltooi - op 'n vroeë leeftyd as wat 'n paar dekades gelede die geval was (kyk afd. 4.4).

Vir egnare wat hul gesinne op 'n jeugdige leeftyd wil voltooi, lê daar 'n lang risikotydpersk voor waarin konsepsie verhoed moet word. Totdat die vroue die einde van hul fertilitetstypersk bereik, ongeveer 15 tot 20 jaar na die beplande geboorte van die laaste kind, sal doeltreffende kontraseptiewe tegnieke gebruik moet word om ongewenste swangerskappe te verhoed. Verskeie Amerikaanse ondersoekers het bevind dat kontrasepsie aanvanklik op 'n redelik ondoeltreffende wyse toegepas word om die spasivering van die geboortes te verwesenlik. Namate die begeerde kindertal bereik word, word sodanige gebruikte egter besonder doeltreffend toegepas en slaag die meeste egnare daarin om ongewenste konsepsies uit te skakel (66, bl. 23; 67, bl. 299).

Op 'n vraag of hulle tevrede met hul huidige kindertal is, het bykans een derde van die respondentie die mening uitgespreek dat hulle op hierdie tydstip reeds al hul kinders sou wou gehad het of nader aan gesinsvoltooiing sou wou gewees het. Indien hierdie vroue se gesinsbeplanning na wense verloop het, beteken dit dat die gesinne van nagenoeg 60 persent van die egnare na 'n huwelisksduur van 6.0 tot 7.9 jaar reeds voltooi sou gewees het. Die vraag ontstaan of die begeerte om gesinsvoltooiing op 'n vroeë leeftyd te bereik, nie reeds as 'n gesinsbeperkende faktor in die moderne samelewing te voorskyn getree het nie.

12.4 KERKVERBAND

Aangesien slegs persone wat lidmate van Protestantse Kerke is, by die ondersoek betrek is, moet dit te wagte wees dat daar geen noemenswaardige tendense ten opsigte van kerkverband en fertilitet sal wees nie. Dié verskille wat wel aangetref word, kan teruggevoer word tot verskille in die sosio-ekonomiese posisie van lidmate van sekere kerkgenootskappe.

12.5 WONING

Met betrekking tot behuising moet in gedagte gehou word dat persone met besondere sosio-ekonomiese en persoonlikheidskenmerke, wat dan ook besondere beskouings en houdings teenoor fertilitet handhaaf, huis in 'n besondere soort woonplek aangetref sal word. By diegene sal die soort verblyfplek waarskynlik geen rol in hul fertilitet speel nie.

Twee aspekte van behuising is vir ontledingsdoleindes in hierdie ondersoek gebruik, naamlik die oorwegende soort woning sedert huweliksluiting en huidige woning.

Die klein groepies wat onderskeidelik oorwegend in 'n deel van 'n huis, 'n losieshuis of hotel en in kamer(s) by familie gewoon het en wat tans in hierdie soort verblyfplekke woonagtig is, word hier vir besprekingsdoeleindes buite rekening gelaat en aandag sal slegs bepaal word by diegene in eie huise, huurhuise en woonstelle as oorwegende of huidige woning.

Ten opsigte van albei aspekte word opvallende verskille waargeneem: Die gemiddelde begeerde kindertal van sowel vroue wat oorwegend sedert die huwelik in 'n eie huis gewoon het as diegene wat tydens die ondersoek in 'n eie huis woonagtig was, stem presies ooreen met dié van alle vroue in die ondersoek.

Volgens albei woningindelings is die gemiddelde begeerde, verwagte en huidige kindertalle van woonstelinwoners aansienlik laer as die ooreenstemmende syfers by diegene in eie huise en huurhuise. Vroue wat in huurhuise woon of oorwegend na die huwelik in huurhuise woonagtig was, het die hoogste fertilititeit en fertilitetsbegeertes en -verwagtinge.

Meer as die helfte van die woonstelbewoners het ten tye van die ondersoek geen of slegs een kind gehad. In welke mate die soort woning vir hierdie lae fertilititeit verantwoordelik gehou moet word, is nie bekend nie en sal sekerlik moeilik bepaalbaar wees. Dit is egter ongetwyfeld waar dat 'n woonstel as woning, sowel die oorsaak as die gevolg van lae fertilititeit kan wees.

Uit ontledings van die gegewens het dit geblyk (hoofstuk 2) dat behuising en sosio-ekonomiese status verband met mekaar hou. As 'n groep beklee die bewoners van eie huise en woonstelle oor die algemeen 'n hoër status as diegene wat in ander soorte woonplekke aangetref word. In hierdie geval, ook soos ten opsigte van huweliksouderdom en kerkverband, is huisvesting as sodanig nie 'n losstaande determinante van fertilititeit nie, maar moet gesien word as 'n medium waardeur sosio-ekonomiese status as kompleksiteit die fertilititeit van die mens beïnvloed.

12.6 ONDERWYSPEIL

Die algemene tendens in industriële samelewings is dat fertilititeit onder diegene met 'n hoë onderwyspeil laer is as by die swakker gekwalificeerde. Hoewel die negatiewe korrelasie tussen fertilititeit en onderwyspeil in die Verenigde State reeds aansienlik verswak het, het dit nog nie verdwyn nie.

Met hierdie ondersoek is gevind dat 'n negatiewe verband tussen die vrou se onderwyspeil en haar fertilitetsbegeertes en -verwagtinge voorkom, terwyl dié verband merkbaar sterker is in die geval van die huidige kindertal. Soortgelyke tendense word ook ten opsigte van die man se onderwyspeil aangetref.

Dit is interessant dat vroue met die laagste onderwyspeil (tot st. 7) van die algemene begeertepatroon van twee tot vier kinders afwyk en dat 'n begeerde kindertal van twee tot ses en meer kinders almal sterk verteenwoordig is. Hierdie afwyking geld ook ten opsigte van die verwagte kindertal.

Dit is opmerklik dat die gemiddelde begeerde en verwagte kindertalle 'n mate van U-vormige verspreiding vertoon, met diegene met 'n standerd tien-sertifikaat aan die laagtepunt van die kurwe. Sosiale mobiliteit as faktor in die bepaling van fertilitetsbegeertes en -verwagtinge mag moontlik as verklaring vir hierdie tendens aangebied word.

Vir diegene wat die hoogste rangorde in die statushiërargie beklee, is statusstrewe nie 'n belangrike faktor in die bepaling van gedrag nie. Vir persone met die laagste rangorde is statusstrewe van minder belang - die verkryging van basiese behoeftes speel 'n belangrijker rol in hul lewe as die bereiking van status. Vir die middelgroepe is die bevrediging van materiële behoeftes in 'n redelike mate verwesenlik, maar die strewe na hoër status is 'n belangrike dryfveer in hul lewe - vir hulle is die beperking van fertilititeit 'n metode om statusbereiking te vergemaklik. Hierdie verklaring stem ooreen met die hipotese van Westoff (65, bll. 170-172).

12.7 BEROEP VAN MAN EN WERKGESKIEDENIS VAN VROU

Duidelike U-vormige verspreidings kom voor in die verband tussen die beroepstatus van mans en fertilitetsbegeertes en -verwagtinge. Vroue wat by die hoogste en laagste beroeps-groeperings ingedeel is, begeer en verwag om meer kinders te hê as diegene in die middelste beroepsklasse. Die tendens ten opsigte van die huidige kindertal is opvallend anders: Vroue met mans wat professionele en uitvoerende werkers en klerklike werkers is, se fertilititeit is effens

laer as dié van vroue van diens- en vervoerwerkers en vakmanne en produksiewerkers.

Die tendense met betrekking tot die mans se beroepe toon groot ooreenstemming met dié wat by onderwyspeil aangetref word – onderwyspeil korreleer hoog met beroepstatus en albei moet dus nagenoeg dieselfde verband met fertilitet aanstaan.

J.M. Beshers interpreer die vrou se onderwyspeil as 'n indeks van die verspreiding van kennis ten opsigte van geboortebeperkingsmiddels en -metodes en dié van die man as 'n indeks van die verwagte toekomstige inkomste. Egpares wat hul gesinne beplan, „reël“ fertilitet volgens die verwagte toekomstige inkomste. Volgens dieselfde skrywer is kennis van sowel geboortebeperking en gesinsbeplanning as gunstige houdings hierteenoor, geassosieer met professionele beroepe en hoe inkomste- en onderwyspeilgroepe (3, bll. 117- 119).

Die onderskeie fertilitetsaspekte korreleer sterk negatief met die vrou se werkgeschiedenis. Namate laasgenoemde langer word, daal die gemiddelde begeerde, verwagte en huidige kindertalle. Die sterkste korrelasie word ten opsigte van die huidige kindertal aangetref. Soortgelyke tendense is ook deur Amerikaanse navorsers gevind (21, bl. 192; 19, bl. 303).

Hoewel baie vroue werk omdat hulle nie kinders kan hê nie, is in die Verenigde State gevind dat 'n hoe negatiewe korrelasie tussen die vrou se werkgeschiedenis en haar fertilitet voorkom indien slegs fekunde egpare met werkende vroue uitgesonder word. Die fertilitetskenmerke wat by laasgenoemde vroue aangetref word, is nie 'n funksie van ander kenmerke soos hul onderwyspeil, godsdienstige verband en die man se inkomste nie (19, bl. 137 en bll. 304-305).

Die beroepsaktiwiteit van vroue word natuurlik ook in 'n groot mate bepaal deur die doeltreffendheid waarmee gesinsbeplanning toegepas word: egpare wat nie hierin slaag nie, het te veel kinders om die vrou toe te laat om te gaan werk (19, bl. 140).

Opsommenderwys kan dus beweer word dat baie vroue werk omdat hulle min of geen kinders kan hê nie, terwyl die voordele wat aan beroepsaktiwiteit verbonden is, baie vroue motiveer om geen of min kinders te hê.

12.8 INKOMSTE

Persone met hoër inkomste was histories moontlik die eerste wat met gesinsbeperking begin het. Verskeie faktore het moontlik hiertoe bygedra: kinders belemmer sosiale mobiliteit; persone met hoër inkomste is grotendeels in groot stede aangetref waar fertilitet gewoonlik laag is; en die ekonomies gegeerde persone was moontlik minder familisties georiënteerd as gevolg van ander kulturele belang weens 'n hoër onderwyspeil (19, bl. 296).

In oorsese ontwikkelde lande het hierdie sterk negatiewe assosiasie tussen inkomste en fertilitet sedert veral die naoorlogse jare grootliks verminder, terwyl aanduidings bestaan dat 'n positiewe assosiasie aan die ontwikkel is.

'n Duidelike negatiewe verband tussen inkomste van man en die begeerde, verwagte en huidige kindertalle word in hierdie ondersoek aan die lig gebring, die sterkste verband word ten opsigte van laasgenoemde kindertal waargeneem.

Of daar 'n veranderende tendens met betrekking tot fertilitet en inkomste in Suid-Afrika, en in die besonder onder Afrikaanssprekendes aan die ontwikkel is, is uit beskikbare gegewens moeilik om te oordeel. In die ondersoek van die Kommissie insake die Gesinslewe wat in 'n Krimpende Kindertal gerapporteer word (45, bll. 29-32), word ook gevind dat 'n negatiewe korrelasie tussen fertilitet en gesinsinkomste voorkom. Hierdie gegewens is veral om twee redes nie vergelykbaar met dié van die huidige ondersoek nie: gesinne in verskillende stadia van die gesinsbouproses en alle kultuur-, taal- en kerkgroepes is by eersgenoemde ondersoek betrek.

In die huidige ondersoek is gevind dat vroue in die hoogste inkomstegroep (man se inkomste R4,000+) verwag om gemiddeld ietwat meer kinders as diegene in die inkomstekategorie R3000-R3999 te hê. Hierdie verskynsel mag as aanduiding dien dat daar reeds op hierdie stadium onder die Afrikanervolk 'n proses aan die gang is wat tot 'n verdwyning in differensiële fertilitet ten opsigte van inkomste sal lei.

Indien die fertilitetsveranderlikes volgens gesinsinkomste ontleed word, daal die gemiddelde kindertalle sonder uitsondering namate inkomste toeneem. Die konsentrasie van vroue met 'n lang

werkgeskiedenis en wat tans werk – by wie 'n sterk negatiewe assosiasie ten opsigte van fertilititeit bestaan – in die hoër inkomstekategorieë, gee daar toe aanleiding dat daar nie 'n toename in die verwagte kindertal by die hoogste inkomstekategorieë aangetref word nie.

Aan die vroue is gevra wat hul mening ten opsigte van hul finansiële posisie is. Hierdie subjektiewe mening is volgens 'n vierpuntskaal van baie goed tot swak ingedeel, en dit is gevind dat al drie fertilitetsveranderlikes negatief met 'n gevoel van ekonomiese sekuriteit korreleer. „Inkomste“ korreleer hoog met gevoel van ekonomiese sekuriteit.

12.9 KINDERTAL IN OUERHUIS EN HERKOMS

Hoewel 'n positiewe verband tussen die grootte van die gesin in die vrou se ouerhuis en die fertilitetsveranderlikes te bespeur is, blyk dit nie besonder sterk te wees nie. Dit is opvallend dat, ongeag die ouerlike gesinsgrootte van die vrou, die gemiddelde begeerde, verwagte en huidige kindertalle nie noemenswaardig van die gemiddeldes van die totale groep afwyk nie. Vroue wat onderskeidelik uit baie groot en uit klein gesinne afkomstig is, se fertilititeit toon nie veel verskil van mekaar nie.

Die faktor wat wel tot die geringe tendense aanleiding gee, is eerder die oordraging van sekere sosio-ekonomiese eienskappe en nie die ouerlike gesinsgrootte as sodanig nie.

Wat herkoms betref – dit wil sê die plek waar mans en vroue hoofsaaklik tot hul agtende lewensjaar gewoon het – bestaan daar blykbaar geen of baie min differensiële beïnvloeding op die onderskeie fertilitetsaspekte.

12.10 SPASIERING VAN GEBORTES

'n Duidelike negatiewe verband bestaan tussen die duur van die eerste geboorte-interval en die fertilitetsveranderlikes. Vroue wat hul eerste kind binne een jaar na die huwelik gehad het, se gemiddelde huidige kindertal is aansienlik hoër as dié van die totale groep.

Hoewel 'n groot groep vroue wat hul eerste kind binne 'n jaar na die huweliksluiting gehad het, se tweede kind gou daarna gebore is, blyk dit dat nagenoeg net soveel vroue eers heelwat later aan 'n tweede kind geboorte geskenk het. Eersgenoemde gesinne beplan waarskynlik nie die kindertal nie en sal, soos deur Amerikaanse ondersoekers bevind is (66, bl. 23; 67, bl. 299), die doeltreffendheid waarmee kontrasepsie toegepas word verhoog namate die begeerde kindertal bereik word. In die geval van die tweede groep vroue het die vroeë koms van die eerste kind waarskynlik veroorsaak dat die gesinne eers 'n tydperk van ekonomiese aanpassing moes deurmaak voordat 'n tweede kind beplan kon word.

Die lengte van die tweede interval is aansienlik langer as dié van die eerste interval, terwyl die derde interval in die algemeen korter as die tweede interval is.

Daar bestaan 'n positiewe verband tussen die lengte van die eerste geboorte-interval en onderskeidelik die huweliksouderdom en onderwyspeil van die vrou en die beroepstatus van die man. Die positiewe verband met sosio-ekonomiese status kan heelwaarskynlik verklaar word op grond van groepsverskille ten opsigte van die tydstip wanneer egpare vir die eerste keer van kontrasepsie gebruik maak en die doeltreffendheid waarmee dit vroeg in die huwelikslewe toegepas word.

Die tweede en derde geboorte-intervalle hou nie so direk verband met sosio-ekonomiese status as wat die geval met die eerste interval is nie. Blykbaar oefen die remmende faktore 'n groter invloed uit op die fertilitetsbesluite voor die koms van die eerste kind as wat daarna die geval is. Na die geboorte van die eerste kind gaan die egpare voort met die gesinsbouproses en kom noemenswaardige verskille in die opvolgende geboorte-intervalle nie voor nie.

LITERATUURLYS

1. BANKS, J. A. Prosperity and parenthood. London, Routledge and Kegan Paul, 1954.
2. BARCLAY, George W. Techniques of population analysis. New York, Wiley (1962)
3. BESHERS, James M. Population processes in social systems. New York, The Free Press (C1967)
4. BLAKE, Judith. "Ideal family size among White Americans; a quarter of a century's evidence". Demography. 3(1), 1966: 154-173.
5. BLOOD, Robert O. jr. "Long-range causes and consequences of the employment of married women". Journal of marriage and the family. 27(1), Feb., 1965 : 43-47.
6. BURGDÖRFER, Friedrich, Volk ohne Jugend: Geburtenschwund und Überalterung des Deutschen Volkskörpers. Berlin, Vowinkel, 1935.
7. CAMPBELL, Arthur A. "Concepts and techniques used in fertility surveys". MILBANK MEMORIAL FUND. Emerging techniques in population research. New York, Milbank Memorial Fund, 1963. p. 17-38.
8. CARR-SAUNDERS, A.M. World population : past growth and present trends. London, Cass, 1964.
9. CARTER, Cedric O. "Changing patterns of differential fertility in Northwest Europe and in North America". Eugenics Quarterly. 9(3), Sep., 1962 : 147-150
10. CILLIERS, S. P. en JOUBERT, D.D. Sosiologie : 'n Sistematiese inleiding. Stellenbosch, Kosmo-uitgewery, 1966.
11. CLIQUET, R. "Differentiële vruchtbaarheid : een probleemstelling voor België". Tydschrift voor Sociale Wetenschappen. 3(4), 1958 : 237-254.
12. DICE, Lee R., CLARK, Philip J. and GILBERT, Robert I. "Relation of fertility to education in An Arbor, Michigan, 1951-1954". Eugenics Quarterly. 11(1), Mar., 1964 : 30-44.
13. DOOGHE, G. "Vruchtbaarheidsverschillen : enkele resultaten van een explorerend onderzoek in Hasselt en Mechelen". Bevolking en gezin. 8, Juli 1966 : 65-95.
14. DORNBUSCH, Sanford M. and SCHMID, Calvin F. A Primer of social statistics. New York, McGraw-Hill, 1955.
15. DUNCAN, Otis Dudley. "Farm background and differential fertility". Demography. 2, 1965 : 241-249.
16. DUNCAN, Otis Dudley, FREEDMAN, Ronald, COBLE, J. Michael (et al.) "Marital fertility and size of family of orientation". Demography. 2, 1965 : 508-515.
17. FRANZSEN, D.G. en SADIE J. L. Inleiding tot die bevolkingsvraagstuk. Stellenbosch, Universiteits-uitgewers en Boekhandelaars, 1950.
18. FREEDMAN, Ronald and COOMBS, Lolagene. "Economic considerations in family growth decisions". Population Studies. 20(2), Nov., 1966 : 197-222.
19. FREEDMAN, Ronald, WHELPTON, Pascal K. and CAMPBELL, Arthur A. Family planning, sterility and population growth. New York, McGraw-Hill, 1959.
20. FREEDMAN, R. "The Sociology of human fertility : a trend report and bibliography". Current Sociology. X/X1 (2), 1961-62.
21. FREEDMAN, Ronald and BUMPASS, Larry. "Fertility expectations in the United States 1962-64". Population Index. 32(2), Apr., 1966 : 181-197.
22. FREEDMAN, Ronald, BAUMERT, Gerhard and BOLTE, Martin, "Expected family size and family size values in West Germany". Population Studies. 13(2) Nov., 1959 : 136-150.
23. FREEDMAN, Ronald, GOLDBERG, David and BUMPASS, Larry. "Current fertility expectations of married couples in the United States". Population Index. 31(1), Jan., 1965 : 3-20.
24. FREEDMAN, Ronald, WHELPTON, Pascal K. and SMIT, John W. "Socio-economic factors in religious differentials in fertility". American Sociological Review. 26(4), Aug., 1961 : 608-614.
25. FREEDMAN, Ronald, GOLDBERG, David and SLESINGER, Doris. "Current fertility expectations of married couples in the United States". Population Index. 29(4), Oct., 1963 : 366-391.
26. FREEDMAN, Ronald and MULLER, Joanna. "The Continuing fertility decline in Taiwan; 1965". Population Index. 33(1), Jan.- Mar., 1967 : 3 - 17.
27. GOODE, W.J. The Family; foundations of modern sociology series. Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall, 1965.

28. HADDEN, J.K. and BORGATTA, E. F. "Family growth in metropolitan America; a reanalysis". Journal of marriage and family living. 24(4), Nov., 1962 : 352-357.
29. HAUSER, Philip M. and DUNCAN, Otis Dudley eds. The Study of population; an inventory and appraisal. Chicago, University of Chicago Press (1964)
30. HEEREN, H. J. en MOORS, H. G. "Gezinsplanning in Utrecht". Sociologische Gids. 14(4), Juli-Aug. 1967 : 210-220.
31. HIGGINS, Edward. "Differential fertility outlook and patterns among major religious groups in Johannesburg". Social Compass. 11(1), 1964 : 23-62.
32. INTERNATIONAL CONFERENCE ON PLANNED PARENTHOOD, 4th, Stockholm, 17-22 Aug., 1953. Population and world resources in relation to the family; report of the proceedings. London, International planned parenthood federation, 1953.
33. JOOSTE, C.J. "Immigrasie - enkele demografiese en sosio-ekonomiese aspekte". Tydskrif vir rasse-aangeleenthede. 18(3) Jul., 1967 : 132-143.
34. KISER, Clyde V. ed. Research in family planning. Princeton, Princeton University Press, 1962.
35. KLEYNHANS, E.P.J. Die Huweliksvrugbaarheid van die Blanke Suid-Afrikaner; 'n prinsipiële histories-sosiologiese studie. D. Phil., 1961, U.O.V.S.
36. KUNZ, P.R. "The Relation of income and fertility". Journal of marriage and the family. 27(4), Nov., 1965 : 509-513.
37. LAZARSFELD, PAUL F. and ROSENBERG, Morris eds. The language of social research; a reader in the methodology of social research. Glencoe, The Free Press (1964)
38. LEYBOURNE, Grace G. and WHITE, Kenneth. Education and the birth rate; a social dilemma. London, Jonathan Cape (1940)
39. MILBANK MEMORIAL FUND. Thirty years of research in human fertility; retrospect and prospect. New York, Milbank Memorial Fund, 1959.
40. MILBANK MEMORIAL FUND. Current research in human fertility. New York, Milbank Memorial Fund, 1955.
41. MILBANK MEMORIAL FUND. Emerging techniques in population research. New York, Milbank Memorial Fund, 1963.
42. MITRA, S. "Occupation and fertility in the United States". Eugenics Quarterly. 13(2), Jun., 1966 : 141-146.
43. NAMBOODIRI, N. Krishnan, "The Wife's work experience and child spacing". Milbank Memorial Fund Quarterly. 42(3) Part 1, 1964 - 65-75.
44. NATIONAL ACADEMY OF SCIENCES. The Growth of world population: analysis of the problems and recommendations for research and training. Washington, The Academy, 1963.
45. NEDERDUITSE GEREFORMEerde Kerk, Nederduitsch Hervormde Kerk en Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. Federale Armsorgraad. Kommissie van ondersoek insake die gesinslewe. Krimpende kindertal : waarom huisgesinne kleiner word; hoofred. G. Cronje. Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers (1958)
46. NEW YORK ACADEMY OF SCIENCES. World population problems and birth control. New York, the Academy, 1952. (New York academy of sciences. Annals, v. 54 art. 5)
47. NG, Larry K.Y. and MUDD, Stuart eds. The Population crisis: implications and plans for action. Bloomington, Indiana University Press, 1965.
48. OGBURN, W.F. and NIMKOFF, M.F. Technology and the changing family. Cambridge, Houghton Mifflin, 1955.
49. PIEK, B.J. 'n Sosiologies-demografiese studie van tendense in die leeftydsamestelling van 'n bevolking, met besondere verwysing na die Blankes in Suid-Afrika. D. Phil., 1965, U.P.
50. RAINWATER, Lee. Family design, marital sexuality, family size and contraception. Chicago, Aldine (c1965)
51. RAINWATER, Lee and WEINSTEIN, Karol Kane. And the poor get children : sex, contraception and family planning in the working class. Chicago, Quadrangle Books (c1960)
52. SADIE, J.L. Westerse bevolkingsneiginge. Stellenbosch, Universiteits-uitgewers en Boekhandelaars, 1949.

53. STYCOS, J. Mayone and BACK, KURT W. The Control of human fertility in Jamaica. New York, Cornell University Press (1964)
54. S.A. Buro vir Statistiek. Uniestatistieke oor vyftigjaar; jubileumuitgawe, 1910-1960. Pretoria, die Buro, 1960.
55. S.A. Buro vir Statistiek. Statistiese Jaarboek. Pretoria, die Buro, 1966.
56. S.A Buro vir Statistiek. Bulletin van Statistiek; kwartaal eindigende September 1967. Pretoria, die Buro, 1967.
57. S.A. Kommissie vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika. Samevatting van die verslag; voors. F.R. Tomlinson, Pretoria. Die Kommissie, 1955.
U.G. 61/1955.
58. SYMPOSIUM ON BIOLOGICAL ASPECTS OF SOCIAL PROBLEMS, London, Oct., 1964. Biological aspects of social problems; ed. by J.E. Meade (and) A.S. Parkes. Edinburgh, Oliver & Boyd (c1965)
59. THOMLINSON, Ralph. Population dynamics: causes and consequences of world demographic change. New York, Random House (c1965)
60. THOMPSON, Warren S. and LEWIS, David T. Population problems; 5th ed. New York, McGraw-Hill (c1965)
61. TIEN, H. Y. Social mobility and controlled fertility: family origins and structure of the Australian academic elite. New Haven, College & University Press (c1965)
62. UNITED NATIONS, Dept. of Social affairs. Population division. The Determinants and consequences of population trends: a summary of the findings of studies on the relationship between population changes and economic and social conditions. New York, United Nations, 1953. (U.N. Dept. of Social affairs. Population division. Population Studies, no. 17)
63. UNITED NATIONS. Dept. of Economic and Social affairs. Provisional report on world population prospects, as assessed in 1963. New York, United Nations, 1964.
64. WESSELS, D.M. Die Vrou in die beroepslewe: die aard en omvang van vroue-arbeid in Suid-Afrika. Kaapstad, H.A.U.M., 1961.
65. WESTOFF, Charles, F., POTTER, Robert G. jr., SAGI, Philip C. (et al.) Family growth in metropolitan America. Princeton, Princeton University Press, 1961.
66. WESTOFF, Charles F., POTTER, Robert G. jr. and SAGI, Philip C. The Third child: a study in the prediction of fertility. Princeton, Princeton University Press, 1963.
67. WHELPTON, Pascal K., CAMPBELL, Arthur A. and PATTERSON, John E. Fertility and family planning in the United States. Princeton, Princeton University Press, 1966.
68. WHELPTON, P.K. and KISER, C.V. eds. Social and psychological factors affecting fertility; V.1-5. New York, Milbank Memorial Fund, 1963.
69. YAUKEY, David. Fertility differences in a modernizing country: a survey of Lebanese couples. Princeton, Princeton University Press, 1961.
70. ZELDITCH, Morris. A Basic course in sociological statistics; a combined text and workbook. New York, Holt, Rinehart and Winston (1958)



